# DIE BESKERMING VAN LEWENSPOLISSE TYDENS SEKWESTRASIE –IS DAAR 'N LEEMTE?

Skripsie aangebied ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Legum in Boedelreg die aan Noordwes- Universiteit (Potcheftroomkampus)

deur


**CHANEL PIENAAR**

**12176028**


Nadat die volgende modules suksesvol afgehandel is:

LLMB 874 Belastingreg
LLMB 875 Boedelbeplanning
LLMB 876 Sakereg
LLMB 877 Huweliksgoederereg
LLMB 878 Erfreg

Module: LLMB 873
Studieleier: Professor AL Stander
Mede-studieleier: HJ Kloppers

Mei 2006

Prima facie section 63 of the Long Term Insurance Act provides that if a person has taken out cover on his own life without appointing a beneficiary and his estate is sequestrated at his death, R50 000 of the proceeds of the policy will be protected from the creditors of his estate.

The view of the appeal court is that the executor/curator of a deceased estate does not, in terms of section 63, have a claim on the proceeds of a life policy on the life of the deceased if a beneficiary, be it the spouse or anyone else, had been appointed. In defense for this view the court points out that if a beneficiary had been appointed, the deceased estate is not the "person" for whom the benefits are intended but that the benefits are intended for the beneficiary.

In light of section 63, based on the determination of the appeal court and the difference between an administered estate and a taxable estate, it follows that if a beneficiary was named on a policy of a person who's estate is insolvent at his death, the creditors of the insolvent estate have no claim on the proceeds of the policy whatsoever. Although the policy still forms part of the life assureds taxable estate it does not form part of his estate to be administered.

**INHOUDSOPGAWE**


1 Inleiding en probleemstelling ..... 1

1.1 Inleiding ..... 1

1.2 Probleemstelling ..... 1

2 Die aard van lewenspolisse ..... 6

2.1 Inleiding ..... 6

2.2 Definisie ..... 6

2.3 Die voordele van lewensversekering by boedelbeplanning ..... 8

2.4 Die begunstigde-klousule en die effek daarvan op lewens-polisse ..... 10

2.5 Lewenspolisse as bate van die gesekwestreerde bestorwe boedel ..... 16

2.5.1 Algemeen ..... 16

2.5.2 Die boedelbegrip ..... 17

3 Beskerming van polisvoordele kragtens lewenspolisse ..... 22

3.1 Artikel 63 van die Langtermynversekeringswet ..... 22

4 Interpretasie van die howe ..... 27

4.1 Shrosbree and Others NNO v Van Rooyen NO and Others ..... 27

4.1.1 Feite ..... 27

4.1.2 Argumente en beslissing ..... 28

4.1.3 Gevolgtrekking ..... 34

4.2 Love and Another v Sanlam Life Insurance Ltd and Another ..... 35

4.2.1 Feite ..... 35

4.2.2 Argumente en beslissing ..... 36

4.2.3 Gevolgtrekking ..... 40

4.3 Pieterse v Shrosbree NO and Others Shrosbree No v Love and Others ..... 41

4.3.1 Interpretasie van artikel 63 en beslissing ..... 41

4.3.2 Gevolgtrekking ..... 46

5 Gevolgtrekking ..... 47

6 Bibliografie ..... 47

6.1 Artikels ..... 49

6.2 Begroting ..... 49

6.3 Boeke ..... 50

6.4 Hofsake ..... 53

6.5 Wette....................................................................................55

# 1 Inleiding en probleemstelling

## *1.1 Inleiding*

In 'n moderne lewensbestel is lewensversekering byna onontbeerlik vir die boedeleienaar wat sy sake op 'n verantwoordelike wyse beplan. Binne die draagwydte van boedelbeplanning word lewensversekering gewoonlik uitgeneem om likiditeit nadoods te verseker ten einde skuld en boedelbelasting te betaal.[1] Die mening bestaan selfs dat daar nie 'n goedkoper metode bestaan om voorsiening te maak vir genoegsame likiditeit in die boedel as juis deur middel van lewensversekering nie.[2] 'n Algemene en gewilde verskynsel in die lewensversekeringsreg is die begunstigde-klousule in 'n lewenspolis.[3] Genoemde klousule skep 'n meganisme wat deur 'n polishouer aangewend kan word om te verseker dat polisvoordele so spoedig doenlik na sy[4] dood aan 'n spesifieke persoon, die begunstigde, uitbetaal.[5] Die vraag wat in hierdie ondersoek geanaliseer gaan word is, in watter mate lewenspolisse en veral die begunstigde-klousule kan bydra tot 'n effektiewe boedelbeplanning. Effektief in hierdie sin impliseer dat dit inderdaad by boedelbeplanning, veral in geval van insolvensie, gebruik kan word.

## *1.2 Probleemstelling*

Artikel 63 van die *Langtermynversekeringswet*[6] bepaal dat **polisvoordele**[7] wat aan 'n persoon **verskaf word of verskaf staan te word** kragtens een of meer bystands-, **lewens-**, ongeskiktheids- of gesondheidspolisse, waarin

1 Olivier en Van den Berg *Boedelbeplanning* 202; Reinecke ea *Insurance Law* 436.
2 Olivier en Van den Berg *Boedelbeplanning* 202.
3 Henckert 1995 *THRHR* 177.
4 Alhoewel die manlike vorm deurgaans in die skripsie gebruik sal word, sluit dit ook die vroulike vorm in en omgekeerd.
5 Henckert 1995 *THRHR* 177.
6 *Wet* 52 van 1998 (hierna die "*Langtermynversekeringswet*").
7 Vir doeleindes van hierdie studie kan aangeneem word dat wanneer daar verwys word na polisvoordele, die polisvoordele ingevolge 'n lewenspolis ter sprake is. Alhoewel daar ook te doen gekry word met polisvoordele in die geval van ongeskiktheids-, bystands- en gesondheidspolisse, val 'n bespreking van hierdie polisse buite die bestek van hierdie studie.

**daardie persoon of die gade van daardie persoon die versekerde lewe**[8] is en wat vir 'n tydperk van **minstens drie jaar** van krag was:

(a) *gedurende sy of haar lewe* nie vatbaar is vir beslaglegging of onderworpe is aan uitwinning kragtens 'n vonnis van 'n hof nie of maak nie deel van sy of haar insolvente boedel uit nie, of

(b) *by sy of haar afsterwe*, indien hy of sy deur 'n gade, kind, stiefkind of ouer oorleef word, nie vir doeleindes van die betaling van sy of haar skuld beskikbaar is nie.[9]

Die beskerming ingevolge (b) hierbo sal slegs geld indien die polisvoordele oorgedra word aan 'n gade, kind, stiefkind of ouer. Die beskerming van die polisvoordele en bates aldus verkry is beperk tot 'n bedrag van R50 000.

Ter illustrasie van die toepassing van artikel 63 van die *Langtermynversekeringswet* is die voorbeeld waar persoon A in 2000 'n lewenspolis op sy eie lewe uitneem en geen begunstigde-benoeming op die polis aanbring nie. Hy kom in 2005 te sterwe. Persoon A se boedel is by sy dood hopeloos insolvent en word gesekwestreer. Persoon A word oorleef deur sy drie kinders. Aangesien hy geen begunstigde-benoeming op die polis aangebring het nie betaal die polisvoordele direk aan sy bestorwe boedel uit (die polisvoordele word dus aan sy boedel verskaf). Artikel 63 van die *Langtermynversekeringswet* is gevolglik van toepassing. Dit is so omdat die polisvoordele verskaf is aan persoon A se bestorwe boedel, persoon A ook die **versekerde** ingevolge die polis is en die polis was op datum van sy dood **langer as drie jaar van krag.**[10] Uit hoofde van artikel 63 is slegs R50 000 van die polisvoordeel teen persoon A se skuldeisers beskerm.[11] Die

8 A 1 van die *Langtermynversekeringswet*; Smith 2000 *SAMLJ* 97. Sien par 2.1 hieronder.

9 Behalwe as skuld daarmee verseker is.

10 A 63(1): "... **daardie persoon** of die gade van daardie persoon **die versekerde** lewe is ...".

11 En as die opbrengs gebruik is om die bates te verkry, geld die beskerming ook net vir 'n tydperk van 5 jaar.

restant van die polisvoordeel geniet egter geen beskerming teen die skuldeisers van die boedel nie en kan met reg aangewend word om die skuldeisers van die boedel te betaal.

'n Tweede scenario waar artikel 63 toepassing sal vind is waar persoon A 'n lewenspolis op sy lewe uitneem. **Sy gade**, persoon B, word **as begunstigde** ingevolge die polis benoem. Nadat die polis reeds vir drie jaar van krag was, kom persoon A te sterwe. Aangesien persoon B as begunstigde op die polis aangewys is, betaal die opbrengs van die polis aan persoon B uit. Die boedel van **persoon B** is gesekwestreer. In hierdie geval sal persoon B inderdaad die beskerming van artikel 63 geniet aangesien artikel 63 geld ten opsigte van **die sekwestrasie van die persoon aan wie die voordele verskaf word**. Die opbrengs van die polis sal gevolglik tot 'n bedrag van R50 000 teen die aanspraak van die skuldeisers van persoon B se gesekwestreerde boedel beskerm wees.

Dit wil dus voorkom asof artikel 63 dié gevalle dek waar die polisvoordele aan die boedel van die versekerde uitbetaal en ook die gevalle waar die gade van die versekerde as begunstigde[12] op die polis aangebring is en die polisvoordele gevolglik aan die gade uitbetaal.[13]

Uit die bewoording van artikel 63 kan afgelei word dat hierdie artikel toepassing vind by die **sekwestrasie van die boedel** van die **persoon aan wie die voordeel verskaf word of verskaf staan te word.**[14] Gevolglik sal bepaal moet word of die werking van artikel 63 *beperk* is tot die **gesekwestreerde boedel** van die **persoon aan wie die voordeel verskaf of verskaf staan te word.** Daar sal dus bepaal moet word of hierdie artikel ook geld ten opsigte van die **gesekwestreerde boedel** van **die versekerde** in die geval waar die voordele nie aan **die versekerde self verskaf of**

12 Sien vn 3.

13 Onderhewig aan die vereiste dat die polis vir 'n tydperk van ten minste drie jaar van krag was.

14 Meskin *Insolvency* 5-6.

**verskaf staan te word nie maar wel aan 'n derde persoon.**[15] 'n Kritieke vraag is vervolgens wat met die polisvoordele van 'n lewenspolis gebeur indien die versekerde 'n begunstigde op die polis benoem het en die **versekerde** se boedel is by sy dood insolvent en word gevolglik gesekwestreer?[16] Anders gestel, wat gebeur met die opbrengs van 'n lewenspolis wat begunstig is indien die boedel van die **persoon wie se lewe ingevolge die polis verseker** is, by sy dood insolvent is - dus in die geval waar die gesekwestreerde boedel **nie** die boedel van die persoon is aan wie die voordeel verskaf word of verskaf staan te word **nie**? Die rede hiervoor is dat die benoeming van 'n begunstigde meebring dat die polisvoordele aan 'n persoon verskaf of verskaf staan te word wat **nie** ook die versekerde ingevolge die polis is nie. Indien daar bevind word dat artikel 63 slegs geld ten opsigte van die **gesekwestreerde boedel van die persoon aan wie die voordeel verskaf of verskaf staan te word,** sal dit dui op 'n leemte in die reg. Die gevolg hiervan is dat wanneer die boedel van die versekerde gesekwestreer word en polisvoordele ingevolge 'n lewenspolis aan **iemand anders** as hyself[17] uitbetaal die totale opbrengs van die polis nie deel van sy gesekwestreerde boedel sal vorm nie. Gevolglik sal sy skuldeisers geen aanspraak op sodanige voordele hê nie.[18]

Gestel persoon A neem in 2000 'n lewenspolis op sy lewe uit maar begunstig die polis aan persoon B.[19] Die polis was reeds vir 'n termyn van langer as drie jaar van krag toe persoon A in 2005 te sterwe kom. Die laste in die bestorwe boedel het die bates in die boedel te bowe gegaan en gevolglik is die **bestorwe boedel van persoon A gesekwestreer**. Die polisvoordele moet ingevolge die begunstigde-benoeming aan persoon B

---

15 Dus indien die polis opbrengs begunstig is.

16 Versekerde en begunstigde is vir doeleindes van hierdie voorbeeld nie dieselfde persoon nie.

17 Of sy bestorwe boedel.

18 Dit is belangrik om aan te dui dat die rede hiervoor **nie** is omdat die volle opbrengs beskerm is nie maar wel omdat die opbrengs nie deel van die gesekwestreerde bestorwe boedel vorm nie.

19 Enige persoon waar 'n versekerbare belang teenwoordig is maar wat nie die gade van die versekerde is nie (hierna genoem " 'n derde").

betaal. Dit is egter nie die boedel van persoon B wat insolvent is nie maar wel dié van persoon A. Anders gestel is dit **nie die persoon aan wie die voordeel verskaf word of verskaf staan te word wie se boedel gesekwestreer is nie** maar **wel** dié van die **versekerde**. Is die opbrengs in geheel of slegs tot die bedrag van R50 000 beskerm? Of is die opbrengs glad nie teen die **skuldeisers van die versekerde se gesekwestreerde boedel beskerm nie?** Die vraag is relevant aangesien die gesekwestreerde boedel nie die boedel of persoon is aan wie die polisvoordele verskaf word of verskaf staan te word, soos artikel 63 uitdruklik bepaal nie.

Onderskeid moet dus getref word tussen **sekwestrasie**

(a) van die boedel van die **persoon (of die bestorwe boedel) aan wie die voordeel verskaf word of verskaf staan te word**;

(b) van die boedel van **die versekerde** en **nie die boedel van die persoon aan wie die voordele verskaf word of verskaf staan te word nie.**

Indien die bewoording van artikel 63 weer eens in oënskou geneem word, wil dit met die eerste oogopslag voorkom dat artikel 63 nie in die laaste voorbeeld toepassing vind nie, omdat die persoon aan wie die voordele **verskaf word**[20] kragtens die lewenspolis[21] **(dus die persoon wat die beskerming geniet)** nie insolvent is nie. Die boedel van die versekerde is wel insolvent maar dit is nie die versekerde wat ingevolge artikel 63 beskerming geniet nie maar wel die persoon aan wie die polisvoordele **verskaf word of verskaf staan** te word (in hierdie geval persoon B aangesien sy die begunstigde van die polis is).[22]

---

20 Of verskaf staan te word.

21 A 1 van die *Langtermynversekeringswet*; Smith 2000 *SAMLJ* 97. Sien ook par 2.1.

22 Die feit dat a 63 vereis dat die persoon aan wie die voordele verskaf word of verskaf staan te word ook die versekerde self of die gade van die versekerde moet

Die doel van hierdie navorsing is derhalwe om te bepaal of daar 'n leemte in hierdie opsig in die *Langtermynversekeringswet* is en in welke mate hierdie leemte deur boedelbeplanners benut moet word.

## 2 Die aard van lewenspolisse

### *2.1 Inleiding*

Vervolgens sal aandag geskenk word aan die aard van lewenspolisse, die voordele van lewensversekering en die effek van 'n begunstigdebenoeming op lewenspolisse. Daar sal verder aandag geskenk word aan die lewenspolisse as geagte bate van die gesekwestreerde bestorwe boedel. Dit is belangrik aangesien hierdie studie spesifiek aandag skenk aan lewenspolisse en wat met die opbrengs van lewenspolisse **by die afsterwe van die versekerde** gebeur indien daar 'n **begunstigde op die polis benoem** is.[23]

### *2.2 Definisie*

Ingevolge artikel 1 van die *Langtermynversekeringswet* word 'n lewenspolis gedefinieer as:

> 'n kontrak ingevolge waarvan 'n persoon, in ruil vir 'n premie[24] onderneem om –
>
> (a) polisvoordele[25] te verskaf by, en uitsluitlik as gevolg van, 'n lewensgebeurtenis[26]; of
>
> (b) 'n annuïteit vir 'n tydperk te betaal, en ook 'n herversekeringspolis ten opsigte van so 'n kontrak[27]

---

wees, vervat die vereistes waaraan die persoon (of bestorwe boedel) moet voldoen om die beskerming van a 63 te geniet in die geval van insolvensie van die persoon aan wie die voordele verskaf of verskaf staan te word.

23 Dus a 63(1)*(b)*.

24 'n Premie word ingevolge a 1 van die Wet gedefinieer as die vergoeding wat gegee word of gegee staan te word in ruil vir 'n onderneming om polisvoordele te verskaf.

25 A 1 van die *Langtermynversekeringswet* definieer polisvoordele as een of meer somme geld, dienste of ander voordele met inbegrip van 'n annuïteit.

26 Ingevolge a 1 van die *Langtermynversekeringswet* is 'n lewensgebeurtenis 'n gebeurtenis waar die lewe van 'n persoon of ongeborene 'n aanvang geneem het; voortduur; vir 'n tydperk voortgeduur het; of geëindig het. "Ongeborene" is ingevolge a 1 'n menslike fetus na bevrugting maar nog nie gebore nie.

27 Die leser word daarop gewys dat daar vir doeleindes van hierdie skripsie nie aandag geskenk sal word aan gedeelte (b) van die definisie wat handel oor annuïteite nie.

Op sterkte van hierdie definisie is dit noodsaaklik om te onderskei tussen:-

(a) die poliseienaar;[28]

(b) die versekerde lewe;[29] en

---

28 Davis *Gorden en Getz: Insurance* 322. Die poliseienaar staan ook bekend as die aansoeker of polishouer. Hierdie is die persoon aan wie die polis behoort. Die poliseienaar kan sy eie lewe of dié van enige iemand anders verseker met voorbehoud dat daar 'n versekerbare belang teenwoordig is. Daar kan meer as een poliseienaar wees. Die poliseienaar(s) kan ook gedurende die termyn van die polis verander. Dit sal byvoorbeeld die geval wees waar die oorspronklike eienaar die polis uit-en-uit sedeer aan 'n ander persoon, instansie of entiteit. Op hierdie wyse word die eienaarskap van die polis oorgedra aan 'n ander persoon, instansie of entiteit. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer 'n voormalige aandeelhouer sy aandeel in 'n maatskappy verkoop en geen verdere belang by die maatskappy het nie. Die aandeelhouers het 'n koop- en verkoopooreenkoms onderling gesluit, uit hoofde waarvan die aandeelhouers mekaar se aandele by die dood van een of meer van die aandeelhouers koop en verkoop. Hierdie kontrak is gefinansier deur die uitneem van lewenspolisse op die lewens van die betrokke aandeelhouers. Aangesien die voormalige aandeelhouer geen belang meer by die maatskappy het nie en gevolglik nie meer 'n party tot die koop- en verkoopooreenkoms is nie, kan hy die lewenspolis(se) (op die lewe van die ander aandeelhouer(s)) waarvan hy die eienaar is, aan die nuwe aandeelhouer uit-en-uit sedeer. Die nuwe eienaar staan bekend as die sessionaris. Die leser word daarop gewys dat daar by die uit-en-uit sessie van polisse 'n aantal vereistes (soos bv dat die gesedeerde polis weer vir dieselfde doel aangewend moet word, ens) bestaan, waaraan voldoen moet word om te verseker dat die sessie nie kapitaalwinsbelasting betrek nie. 'n Polis kan ook sydelings gesedeer word. Hierdie is tipies die geval waar 'n polis aan die bank gesedeer word om sekuriteit vir skulde te stel. In die geval van 'n sydelingse sessie gaan eienaarskap nie volkome op die bank oor nie maar sal die opbrengs van die polis eerstens aangewend word om die skuld waarvoor dit as sekuriteit aangebied is, te delg. Indien die skuld volkome afgelos is, sal die polis uitbetaal aan die oorledene se boedel of aan die persoon(e) wat as begunstigde(s) benoem is. Die verskil tussen 'n uit-en-uit sessie en 'n sydelingse sessie is primêr dat die oorspronklike eienaar in die geval van 'n uit-en-uit sessie *alleen* weer die eienaar van die polis kan word indien die nuwe eienaar weer die polis uit-en-uit aan hom terug sedeer. In die geval van 'n sydelingse sessie bly die oorspronklike eienaar die eienaar, maar hy word eers weer geregtig op die opbrengs van die polis indien die skuld waarvoor dit as sekuriteit aangebied is, afgelos is. Dus verloor die eienaar van 'n polis wat sydelings gesedeer is nie volkome eienaarskap van die polis nie. Bv is die polis steeds deel van sy geagte bates vir doeleindes van boedelbelasting teenoor 'n uit-en-uit sessie waar eienaarskap in geheel op die nuwe eienaar oorgaan. Die polis sal gevolglik belasbaar wees in die boedel van die nuwe eienaar. Vir volledigheidshalwe is daar slegs kortliks verwys na die sessie van polisse en die gevolge wat dit inhou, en is dit 'n onderwerp wat buite die bestek van hierdie studie val.

29 Davis *Gorden en Getz: Insurance* 322. Ook bekend as die versekerde. Dit is die persoon of ongebore persoon wie se lewe ingevolge die lewenspolis verseker is.

(c) die begunstigde.[30]

Die poliseienaar, versekerde en die begunstigde kan verskillende persone (en/of entiteite) of dieselfde persoon wees.[31] 'n Voorbeeld van waar die poliseienaar, versekerde lewe en begunstigde verskillende persone ingevolge die polis is, is wanneer persoon X 'n polis op die lewe van sy gade uitneem en die polis aan hulle familietrust begunstig.[32] Die effek hiervan is dat die polisopbrengs by die dood[33] van sy gade aan hul familietrust as die begunstigde van die polis sal uitbetaal.

Deur lewensversekering op 'n persoon se lewe uit te neem, word derhalwe dekking aangekoop teen 'n sekere gebeurtenis wat op 'n onsekere tydstip gaan plaasvind.[34] Vervolgens word kortliks na 'n aantal voordele van lewensversekering verwys.

### *2.3 Die voordele van lewensversekering by boedelbeplanning*

In die paragraaf hierbo is daarop gewys dat lewensversekering 'n handige middel is wat aangewend kan word om beplanningsdoelwitte te bereik. Olivier en Van den Berg[35] skryf die praktiese gewildheid van lewenspolisse toe aan 'n aantal faktore. Sodanige faktore kan soos volg saamgevat word:

---

30 Davis *Gorden en Getz: Insurance* 322 en 327. Dit is die persoon aan wie die opbrengs of 'n gedeelte van die opbrengs by die dood van die versekerde uitbetaal. Bogenoemde titels is nie beperk tot natuurlike persone nie. 'n Trust, maatskappy of beslote korporasie kan ook 'n eienaar of begunstigde van 'n polis wees. Dit is egter vanselfsprekend dat die lewe van 'n entiteit nie verseker kan word nie en in sulke gevalle sal daar gebruik gemaak word van 'n verteenwoordigende versekerde lewe. 'n Verteenwoordigende versekerde lewe is 'n persoon wie se lewe namens die betrokke entiteit verseker word juis omdat die "lewe" van 'n entiteit nie versekerbaar is nie.

31 Davis *Gorden en Getz Insurance* 322.

32 Indien die persoon verlang dat 'n lewenspolis by sy dood aan sy bestorwe boedel moet betaal hoef hy nie sy boedel uitdruklik aan te wys as die begunstigde ingevolge die lewenspolis nie - die uitbetaling van 'n lewenspolis aan die oorledene se bestorwe boedel is 'n noodwendige gevolg indien daar geen begunstigde benoem is nie.

33 Davis *Gorden en Getz: Insurance* 324. Dus by die lewensgebeurtenis.

34 Olivier en Van den Berg *Boedelbeplanning* 202; Davis *Gorden en Getz: Insurance* 324; Reinecke ea *Insurance Law* 436; Evans en Boriane 2005 *De Jure* 270.

35 Olivier en Van den Berg *Boedelbeplanning* 202.

(a) Lewenspolisse voorsien kontant wanneer nodig. Dit kan so gestruktureer word om 'n spesifieke behoefte aan te spreek. 'n Voorbeeld hiervan is om kontant te voorsien waarmee die uitstaande huisverband by die dood van die eggenoot gedelg kan word. Alhoewel daar steeds die opsie bestaan om kapitaalbates te gelde te maak, kan so 'n tegeldemaking dikwels ongerief meebring. Dit kan selfs die oorlewendes in 'n ongewenste posisie plaas. In byvoorbeeld die volgende gevalle kan lewensversekering kontant vir die begunstigde skep:[36]

(i) Spesiale kontantbemakings aan erfgename;[37]

(ii) Versekering teen ongelyke bevoordeling van erfgename wat 'n ernstige probleem kan skep;[38]

(iii) Kontanttekorte as gevolg van skulde, boedelbelasting en beredderingskoste kan uit die opbrengs van die polisse voorsien word; en

(iv) Persone wat saam in 'n maatskappy of beslote korporasie besigheid bedryf en na een van hulle se dood nie wil hê dat daardie een se erfgenaam of erfgename in die oorledene se plek in die maatskappy of beslote korporasie moet intree nie, kan gebruik maak van 'n polis om kontant te verskaf om die aandele van die oorledene uit te koop.[39]

---

36 Olivier en Van den Berg *Boedelbeplanning* 210.

37 Die erflater kan die erfgenaam as 'n begunstigde op sy polis benoem en sodoende verseker dat die erfgenaam 'n sekere bedrag by sy dood ontvang.

38 Die erflater kan byvoorbeeld twee begunstigdes elk 50% van die polisopbrengste laat toekom deur albei die persone in gelyke mate as begunstigdes op die polis te benoem.

39 Hier word gewoonlik gebruik gemaak van 'n koop- en verkoopooreenkoms, gefinansier deur lewenspolisse op die lewens van die onderskeie betrokkenes. Soos elders na verwys, stel dit die oorlewendes in staat om die oorledene se aandeel in die onderneming te koop. Aangesien koop- en verkoopooreenkomste buite die bestek van hierdie studie val, sal daar nie verdere aandag aan sodanige polisse geskenk word nie.

(b) 'n Verdere belangrike voordeel is dat lewenspolisse as sekuriteit aangewend kan word. Ter verkryging van 'n lening kan 'n lewenspolis ook gesedeer word indien ander vorme van sekuriteit ontbreek.

Soos reeds elders na verwys kan 'n lewenspolis so gestruktureer word dat die opbrengs van die polis by die dood van die versekerde lewe direk aan 'n persoon, die begunstigde uitbetaal.[40] Om dit te bewerkstellig moet die persoon as die begunstigde van die polis benoem word gedurende die lewe van die versekerde lewe. Hierdie beginsel noop 'n kort bespreking van die begunstigde-klousule en watter effek die benoeming van 'n begunstigde op 'n lewenspolis het.

### *2.4 Die begunstigde-klousule en die effek daarvan op lewenspolisse*

Dit gebeur dikwels dat 'n persoon 'n polis op sy lewe aan sy gade of sy kinders of selfs aan 'n derde begunstig onder die indruk dat die polis ten volle beskerm sal wees indien sy boedel by sy dood gesekwestreer is.[41]

Daar word aan die hand gedoen dat die begunstigde-klousule 'n **verskyningsvorm**[42] van die beding ten behoewe van 'n derde is - die *stipilatio alteri*.[43] In die algemeen word 'n beding ten behoewe van 'n derde omskryf as 'n kontrak tussen twee persone wat beoog om 'n derde te betrek by hulle verbintenis, met die gedagte dat die derde 'n kontrak met een van hulle sluit.[44] Die derde word slegs 'n party tot die kontrak indien hy die

---

40 Reinecke ea *Insurance Law* 306.

41 Roothman 1993 *TSAR* 487.

42 Daar gaan dus sekere afwykings wees om dit spesifiek op versekeringskontrakte van toepassing te maak.

43 Davis *Gorden en Getz: Insurance* 329; Henckert 1995 *THRHR* 178; Reinecke ea *Insurance Law* 296; Evans en Boriane 2005 *De Jure* 270; *Warricker and Another NNO v Liberty Associations of Africa Ltd* 2003 6 SA 273 (W).

44 Evans en Boriane 2005 *De Jure* 270; Reinecke ea *Insurance Law* 268; Davis *Gorden en Getz: Insurance* 329. In *Barnett v Abe Swersky & Associates* 1986 4 SA 407 (K) word daarop gedui dat die bedoeling van die partye van kardinale belang is. Dit moet dus die bedoeling van die betrokke partye wees dat die derde 'n kontraksparty word en nie slegs 'n ekonomiese of ander voordeel uit die kontrak tussen die polishouer en die versekeraar verkry nie. Die beding ten behoewe van

aanbod aanvaar.[45] Die derde word gevolglik 'n party tot 'n selfstandige kontrak tussen homself en die versekeraar.[46] Volgens Henckert[47] is die beding ten behoewe van 'n derde 'n regsfiguur van die kontraktereg wat wyer aanwending vind as slegs in die versekeringsreg.[48]

Die beding ten behoewe van 'n derde word in versekeringsverband aangetref waar twee partye, die polishouer[49] en die versekeraar[50] 'n kontrak sluit ingevolge waarvan die versekeraar onderneem om teenoor 'n derde te

---

'n derde moet onderskei word van 'n drieledige ooreenkoms (waar drie partye *ab initio* kontrakteer). Verder moet daar ook onderskeid getref word tussen die kontrak ten behoewe van 'n derde en die regsfiguur wat bekend staan as "verteenwoordiging". Laasgenoemde is 'n regsfiguur waardeur een persoon, die *agent*, 'n regshandeling verrig namens 'n ander persoon, die *prinsipaal*. Die *stipulans*, anders as die agent, het geen mandaat vanaf die derde nie. In die geval van 'n kontrak ten behoewe van 'n derde kom 'n kontrak tussen die *promittens* en die derde eers tot stand op die tydstip waarop die derde die aanbod aanvaar. Hierteenoor kom 'n kontrak, in die geval van verteenwoordiging, onmiddellik tussen die *prinsipaal* en die derde tot stand. 'n Verdere verskil is dat in die geval van verteenwoordiging sluit die agent die kontrak in die naam van die *prinsipaal* waar die *stipulans* in die geval van die kontrak ten behoewe van 'n derde, nie die kontrak in die naam van die derde sluit nie. Die beding ten behoewe van 'n derde moet ook onderskei word van sessie. By 'n sessie gaan die eiendomsreg onmiddellik op die sessionaris oor. Die sedent beskik tydens sy lewe nie oor handelingsbevoegdheid met betrekking tot die polis nie. Daarteenoor word die reg om die sterftevoordele te eis in die geval van die begunstigde-benoeming eers by dood oorgedra. Die polishouer kan dit ook te enige tyd herroep. In *Jankelow v Binder, Gering & Co* 1927 TPD 364 370 word onder andere bevind dat die polishouer in die geval van 'n begunstigde-benoeming, steeds handelingsbevoeg is ten opsigte van die polis aangesien die polis steeds sy eiendom is.

45 In die geval van 'n lewenspolis moet die eksekuteur van die boedel van die oorlede versekerde lewe die derde inlig van die begunstigde benoeming. Die derde kry op daardie stadium die geleentheid om te aanvaar of nie te aanvaar nie. Davis *Gorden en Getz: Insurance* 329; Reinecke ea *Insurance Law* 308.

46 Wanneer die derde die voordeel aanvaar het (in die geval van lewenspolisse na die dood van die versekerde lewe) verkry hy 'n afdwingbare reg teen die versekeraar. Tot en met aanvaarding plaasgevind het bly albei die oorspronklike kontrakterende partye, partye tot die kontrak. Wanneer die derde die voordeel aanvaar, val die verhouding tussen die *stipulans* en *promittens* weg wat meebring dat daar slegs 'n regsverhouding tussen die *promittens* die derde oorbly. Evans en Boriane 2005 *De Jure* 271.

47 Henckert 1995 *THRHR* 178.

48 Hy verwys na *Nine Hundred Umgeni Road (Pty) Ltd v Bali* 1986 1 SA 1 (A) waarin die beding ten behoewe van 'n derde ook in die maatskappyereg aangetref word waar 'n promotor namens 'n te stigte maatskappy optree. In *Crookes NO v Watson* 1956 1 SA 277 (A) is die regsaard van die trust *inter vivos* vir die eerste keer gelyk gestel aan die beding ten behoewe van 'n derde.

49 Die *stipulans*.

50 Die *promittens*.

presteer.[51] Sodanige prestasie is onderhewig aan die vereiste dat die derde (die begunstigde) die bevoegdheid moet uitoefen om 'n kontrak tussen homself en die versekeraar te sluit.[52] Die enigste vereiste in hierdie verband is dat die begunstigde geïdentifiseer word of identifiseerbaar[53] is.[54]

'n Natuurlike persoon, instelling of regspersoon kan aangewys word as 'n begunstigde van die polis.[55] Alhoewel die begunstigde nie by benoeming gebore hoef te wees nie moet hy of sy by dood van die versekerde reeds in lewe wees alvorens hy 'n begunstigde van die polis kan wees.[56] Indien die derde die voordeel aanvaar, is die derde in die algemeen geregtig op sodanige voordeel.[57] Daar bestaan egter uitsonderlike gevalle waar die derde onbevoeg kan raak om die voordeel te ontvang. Dit is indien hy die risiko waarteen verseker is opsetlik veroorsaak het.[58] 'n Voorbeeld hiervan is die geval waar die derde die versekerde vermoor het.[59]

Binne die draagwydte van die regte wat sodanige begunstigde verkry, verklaar die appèlhof in die saak van *Crookes v Watson*[60] die volgende:

---

51 Davis *Gorden en Getz: Insurance* 329; Reinecke ea *Insurance Law* 296; Evans en Boriane 2005 *De Jure* 270.

52 Evans en Boriane 2005 *De Jure* 271; Henckert 1995 *THRHR* 178. Die vraag of die derde die voordeel aanvaar het, is 'n feitevraag wat aan die hand van die reëls van aanbod en aanname beslis moet word. Die skrywer verwys na *Crookes NO v Watson* 1956 1 SA 277(A); *Joel Melamed & Hurwitz v Cleverland Estate (Pty) Ltd; Joel Melamed and Hurwitz Vorner Investment (Pty) Ltd* 1984 3 SA 155 (A).

53 'n Voorbeeld van 'n begunstigde wat identifiseerbaar is, is wanneer die begunstigde(s) aangewys word as die kind(ers) gebore uit die huwelik tussen X en Y.

54 Davis *Gorden en Getz: Insurance* 329; Reinecke ea *Insolvency Law* 297; Henckert 1995 *THRHR* 183.

55 Henckert 1995 *THRHR* 183.

56 Davis *Gorden en Getz: Insurance* 329; Reinecke ea *Insolvency Law* 297; Henckert 1995 *THRHR* 183.

57 Meskin *Insolvency* 5-7; Reinecke ea *Insolvency Law* 297; *Mutual Life Insurance Co of New York v Hotz* 1911 AD 556. In *Botes v Afrikaanse Lewensversekerings-maatskappy Bpk* 1967 3 SA 19 (W) bevind die hof dat die begunstigde deur die aanvaarding van die voordeel 'n reg teen die versekeringsmaatskappy verkry het.

58 Davis *Gorden en Getz: Insurance* 355-356.

59 Davis *Gorden en Getz: Insurance* 329; Henckert 1995 *THRHR* 183.

60 *Crookes NO v Watson* 1956 1 SA 277 (A). Hierdie saak het oor die trustreg gehandel. Henckert 1995 *THRHR* 183 meen egter dat die beginsels net so op die begunstigde-klousule van toepassing gemaak kan word.

> The beneficiary obtains no rights on the mere execution of the agreement between the settlor and the trustee. The agreement constitutes an offer of a donation by the settlor to the beneficiary through acceptance of which the beneficiary obtains a jus perfectum against the trustee.

Regter Levinsohn[61] se uiteensetting van die aard van die begunstigde-klousule stem ooreen met die siening van die appèlhof in die *Crookes*-saak. Hy sit dit soos volg uiteen:

> A nominated beneficiary does not acquire any right to the policy during the lifetime of the policy holder. On the death of the policy holder the nominated beneficiary can accept the benefits conferred and the life insurer concerned would became obliged to pay the procceeds on the policy to that beneficiary. When an insured nominates a beneficiary in this way he is concluding a contract for the benefit of a third party which is capable of acceptance.[62]

Daar word gemeen dat die regsposisie van die begunstigde **voor** aanvaarding van die voordeel neerkom op 'n blote *spes* of verwagting.[63] Die geleerde regter wys voorts daarop dat dit die poliseienaar vrystaan om ter enige tyd gedurende sy lewe die begunstigde-benoeming te herroep.[64] Gewoonlik stipuleer die versekeringskontrak die wyse waarop 'n begunstigde-benoeming herroep kan word. Die mees algemene wyse is deur 'n skriftelike kennisgewing aan die versekeraar te rig.[65]

---

61 *Moonsamy & Another v Nedcor Bank Ltd* 2004 3 SA 513 (D & K).

62 Begunstigde kan dus eers die voordeel by die dood van die versekerde aanneem. Die poliseienaar het te enige tyd **voor** dood die reg om die begunstigde te verander. Kyk ook vn 43 hierbo.

63 In die *Moonsamy*-saak word die standpunt aanvaar dat indien die versekerde sy regte volkome sedeer die verwagting van 'n begunstigde inderwaarheid verval. Dit is so omdat die versekerde sy regte volkome aan 'n ander gesedeer het sodat daardie sessionaris die reghebbende word. Daar word ook aangedui dat indien die regte **slegs** ter versekering van 'n skuld gesedeer is, die verwagting van die begunstigde slegs tydelik opgeskort sal word. Indien die sedent gedurende sy lewe die versekerde skuld aflos, word die sedent as gevolg van die behoud van die terugvallende belang weer volreghebbende. Sou die sekerheidsgewer sterf en die skuld is nog uitstaande, kan die sessionaris van die vorderingsreg gebruik maak om sy skuld te delg. Nadat die begunstigde die voordeel aanvaar het kom die balans die begunstigde toe.

64 Davis *Gorden en Getz: Insurance* 329; *Moonsamy & Another v Nedcor Bank Ltd* 2004 3 SA 513 (D & K) 518C-518D. Die reg van die begunstigde om die voordeel te aanvaar ontstaan slegs by dood van die versekerde. Soos reeds elders genoem, behou die eienaar die reg voor om die begunstigde-benoeming voor sy dood te herroep.

65 *Moonsamy & Another v Nedcor Bank Ltd* 2004 3 SA 513 (D & K) 518C-518D; *Ex Parte Macintosh NO: In re Estate Barton* 1963 3 SA 51 (N).

In die *Warricker and Another NNO v Liberty Life Association Ltd*[66] dui die hof aan dat die benoeming van 'n derde neerkom op 'n *stipulatio alteri* in die guns van die begunstigde. Die hof hanteer ook die geval waar die versekerde se boedel gesekwestreer word. In hierdie opsig meld die hof dat die begunstigde by die dood van die versekerde geregtig is om sy reg om die voordele ingevolge die polis te aanvaar, uit te oefen. Volgens die hof word hierdie reg nie beïnvloed deur die feit dat die versekerde se boedel gesekwestreer is nie. Die rede hiervoor is dat die kurator by sekwestrasie van die boedel van die versekerde in die skoene van die gesekwestreerde persoon geplaas word. Dus is hy gebonde aan die begunstigde-benoeming sowel as aan die begunstigde se reg om die voordele te aanvaar.[67] Bogenoemde standpunt is egter in kontras met die standpunt van die hof in die *Shrosbree*-saak.[68] In hierdie gewysde neem die hof die standpunt in dat die aanvaarding van die voordele nie genoegsaam is om die begunstigde die reg te gee om die voordele af te dwing nie. Volgens die hof bring die aanvaarding van die voordele wel mee dat daar 'n geldige en afdwingbare kontrak tussen die begunstigde en versekeraar ontstaan maar dat dit beperk[69] kan word deur die werking van artikel 63.[70] In die *Love*-saak[71] verwerp die hof hierdie standpunt. In hierdie saak merk die hof tereg op dat artikel 63 nie van toepassing is op die gevalle waar derdes as begunstigdes ingevolge die polis benoem is nie. Volgens die hof sal artikel 63 slegs toepassing vind ten opsigte van die gevalle waar die polisvoordele aan die oorledene verskaf of verskaf staan te word kragtens 'n lewenspolis ingevolge waarvan daardie persoon of die gade van daardie persoon die versekerde lewe was.[72]

---

66 2003 6 SA 273 (W).
67 Meskin *Insolvency* 5-8.
68 2004 1 SA 226 (SOK).
69 Beperk in dié sin dat R50 000 van die opbrengs of bates aldus verkry, beskerming teen die skuldeisers van die gesekwestreerde boedel geniet.
70 Sien ook par 4.2.
71 2004 3 SA 445 (SOK).
72 Sien ook par 3 en par 4.1.

Om saam te vat kan dus gesê word dat die begunstigde geen regte voor die dood van die versekerde verkry nie. Derhalwe kan die begunstigde ook nie die versekeraar aanspreek vir die betaling van die opbrengs uit hoofde van die lewenspolis, *voor* die dood van die versekerde nie. Dit blyk duidelik uit bostaande bespreking dat die begunstigde, in lewenspolisse, eers die reg om die versekeraar vir die opbrengs aan te spreek verkry *nadat* die versekerde te sterwe gekom het en *nadat* hy die voordele ingevolge die polis aanvaar het. Daar word verder nie saamgestem met die standpunt van die hof in die *Shrosbree*-saak waar gestel word dat die aanvaarding van voordele nie genoegsaam is om die begunstigde die reg te gee om die voordele af te dwing nie. Myns insiens verkry die begunstigde die reg om die polis teen die versekeraar af te dwing sodra die begunstigde die voordeel aanvaar het. In die geval van lewenspolisse kan aanvaarding slegs plaasvind na die dood van die versekerde. Indien die begunstigde op daardie stadium die voordeel aanvaar, is hy geregtig op sodanige voordeel en ook om die voordeel teen die versekeraar af te dwing.[73]

Vervolgens sal aandag geskenk word aan die vraag of lewenspolisse waarop 'n begunstigde-benoeming aangebring is, stééds 'n bate in die boedel van die **versekerde lewe** is? Indien daar bevind word dat die antwoord op bostaande vraag positief is, sal daar verder bepaal word watter tipe bate[74] 'n lewenspolis waarop 'n begunstigde aangewys is, in die boedel van die versekerde is. In die laaste plek moet bepaal word of die opbrengs van sodanige polisse deel vorm van die gesekwestreerde boedel van die versekerde lewe. Hierdie bespreking sal bydrae tot die poging om uitsluitsel te kry oor die vraag óf die opbrengs van 'n polis ingevolge waarvan 'n begunstigde benoem deel van die gesekwestreerde bestorwe boedel van die versekerde vorm.

---

73 Meskin *Insolvency* 5-7.

74 Dus of dit eiendom of geagte eiendom is. Sien par 2.4.2.

### *2.5 Lewenspolisse as bate van die gesekwestreerde bestorwe boedel*

*2.5.1 Algemeen*

In hierdie gedeelte sal daar bepaal word of lewenspolis (en spesifiek lewenspolisse ingevolge waarvan 'n begunstigde benoem is) deel uitmaak van die gesekwestreerde bestorwe boedel van die versekerde. Om uitsluitsel daaroor te verkry sal daar eers bepaal moet word watter tipe bate lewenspolisse[75] in die bestorwe gesekwestreerde boedel van die versekerde is. Dit is belangrik aangesien dit sal bydra tot die antwoord of sodanige polisse wel deel vorm van die gesekwestreerde bestorwe boedel vorm al dan nie.

Die boedel van die insolvent bestaan uit alle goed van die insolvent op die datum van sekwestrasie insluitende goed (of die opbrengs daarvan) wat ingevolge 'n lasbrief tot beslaglegging in die hande van 'n balju of geregsbode is en ook alle goedere wat gedurende die sekwestrasie deur die insolvent verkry mag word of aan hom mag verval, byvoorbeeld erfopvolgingsregte. Ingevolge artikel 2 van die *Insolvensiewet*[76] beteken "goed" roerende[77] of onroerende goed[78] waar ook al dit in die Republiek geleë is, en omvat dit voorwaardelike regte op goed met uitsondering van die voorwaardelike regte van 'n fideikommissêre erfgenaam of legataris.[79] Daar is wel sekere uitsonderings waar bates uitdruklik van die insolvente

75 Met spesifieke verwysing na lewenspolisse ingevolge waarvan 'n begunstigde benoem is.

76 Wet 24 van 1936 (hierna "die *Insolvensiewet*").

77 A 2 van die *Insolvensiewet*; Sharrock *Insolvensie* 52; *Bank of Lisbon and South Africa Ltd v The Master* 1987 1 SA 276 (A). Met "roerende goed" word bedoel elke soort goed en elke reg wat nie onroerend is nie. Dit sluit ook byvoorbeeld 'n dranklisensie en die werfkrag van 'n besigheid in.

78 A 2 van die *Insolvensiewet;* Sharrock *Insolvensie* 52. "Onroerende goed" word omskryf as grond en elke reg op en belang in grond of minerale wat geregistreer kan word in 'n Aktekantoor in die Republiek.

79 Sharrock *Insolvensie* 52; De la Rey *Mars: Insolvency* 175; Meskin *Insolvency* 5-1; *Wasserman v Sackstein NO* 1980 2 SA 536 (O).

boedel uitgesluit word deur die *Insolvensiewet* self[80] en ook deur ander wette.[81]

Ingevolge die *Boedelbelastingwet*[82] word die boedel van 'n persoon opgemaak uit al die eiendom[83] van daardie persoon op die datum van sy dood en uit alle eiendom wat ooreenkomstig artikel 3 van die *Boedelbelastingwet* geag word eiendom van daardie persoon op bedoelde datum te wees.[84]

As 'n algemene reël kan dus gestel word dat alle bates wat voor, tydens en na sekwestrasie aan die insolvente bestorwe boedel behoort (het), vir die betaling van boedelskulde aangewend kan word.[85] Daar bestaan egter uitsonderings op hiérdie reël wat meebring dat sekere bates nie by sekwestrasie ter vereffening van boedelskulde aangewend kan word nie.[86] Vir doeleindes van hierdie studie sal volstaan word met polisvoordele uit lewenspolisse as bate van die insolvente bestorwe boedel. Daar sal bepaal word óf hierdie bates[87] beskerming geniet en indien wel, in welke gevalle en tot watter mate.

### *2.5.2 Die boedelbegrip*

Alvorens die toepaslike bepaling(s) wat bogenoemde situasie reël, bespreek kan word, is dit noodsaaklik om te onderskei tussen die begrip "boedel" vir doeleindes van beredderinq (hierna "beredderbare boedel") en

---

80 A 23 van die *Insolvensiewet*. Sien ook Graham, Abrie en Evans *Insolvente Boedels* 19; Smith *Insolvency* 86; Sharrock *Insolvensie* 52; De la Rey *Mars: Insolvency* 175; Meskin *Insolvency* 5-5.

81 'n Voorbeeld hiervan is die *Wet op Pensioenfondse* 24 van 1956, *Wet op Beroepsbeserings en siektes* 130 van 1993.

82 *Wet* 45 van 1955 (hierna "die *Boedelbelastingwet*").

83 Ingevolge a 3(2) van die *Boedelbelastingwet* beteken eiendom enige reg op goed, hetsy roerend of onroerend, liggaamlik of onliggaamlik. Huxham en Haupt *Inkomstebelasting* 492: Dit sluit dus die besit van of enige reg op eiendom in, soos die reg op gebruik of okkupasie.

84 A1 van die *Boedelbelastingwet*; Arendse ea *Silke: Inkomstebelasting* 645.

85 Graham, Abrie en Evans *Insolvente Boedels* 19; Smith *Insolvency* 86.

86 Graham, Abrie en Evans *Insolvente Boedels* 19; Smith *Insolvency* 86; Sharrock *Insolvensie* 52; De la Rey *Mars: Insolvency* 191.

87 Slegs die polisvoordele van lewenspolisse.

die begrip "boedel" vir doeleindes van berekening van boedelbelasting (hierna "belasbare boedel"). Hierby ingesluit is "boedel" vir doeleindes van gesekwestreerde bestorwe boedel.[88] Indien daar nie duidelik tussen bogenoemde onderskei word nie, kan dit lei tot verwarring wat betref die kwessie of polisvoordele uit lewenspolisse deel van die gesekwestreerde bestorwe boedel vorm en dus ter vereffening van die boedelskulde aangewend kan word, al dan nie.

2.5.2.1 Die beredderbare boedel[89]

Ten einde 'n vertrekpunt daar te stel, word daarop gewys dat die begrip "beredderbare boedel" verwys na dié bates wat deur die eksekuteur hanteer word en wat uiteraard in die likwidasierekening gereflekteer word.[90] Soos reeds hierbo genoem bestaan die bestorwe boedel in die *algemeen* uit al die bates en laste van die oorledene op datum van dood.[91] 'n Toepaslike voorbeeld van 'n lewenspolisse wat wel deel van 'n persoon se beredderbare boedel sal vorm is die geval waar persoon A 'n lewenspolis op sy eie lewe uitneem en geen begunstigde kragtens die polis benoem nie. Die polisopbrengs sal in bogenoemde voorbeeld by die dood van persoon A aan sy bestorwe boedel uitbetaal.[92]

Daar bestaan egter ook sekere bates wat **nie** deel van die boedel vir **doeleindes van bereddering** vorm **nie**. Hierdie bates word ook nie gedurende die bereddering van die bestorwe boedel deur die eksekuteur hanteer nie. Bygevolg word daar ook nie eksekuteursloon op sodanige

88 Met gesekwestreerde bestorwe boedels word gebruik gemaak van 'n kurator ipv 'n eksekuteur.

89 Word ook na verwys as Likwidasierekening-bates.

90 Vorster *Boedelbereddering* 86. Word ook soms na verwys as die oorledene se persoonlike boedel.

91 Abrie ea *Bestorwe Boedels* 1; King en Victor *Law and Estate Planning* 277. As dit 'n bestorwe insolvente boedel is, is die kwalifikasies soos vervat in par 2.3.1 hierbo van toepassing.

92 Davis *Gorden en Getz: Insurance* 366.

bates gehef nie.[93] Die wetgewer het egter nie hierdie bates uit die oog verloor nie. Die begrip "eiendom wat geag word eiendom te wees"[94] word in artikel 3(3)[95] geïnkorporeer. Die gevolg is dat regte en bates wat nie normaalweg as 'n persoon se eiendom beskou sou word nie, deur die werking van artikel 3(3) by die definisie van eiendom vir **boedelbelasting** doeleindes ingesluit word.[96] 'n Toepaslike voorbeeld is die geval waar 'n persoon X gedurende sy lewe 'n lewenspolis op sy lewe aan persoon Y begunstig het. Met verwysing na paragraaf 2.3 is dit duidelik dat die opbrengs van sodanige polis by die dood van X direk aan Y, die begunstigde uitbetaal.[97] Dus ressorteer hierdie tipe bate onder die term "geagte bates". Die opbrengs van die betrokke lewenspolis sal vanweë die begunstigde-benoeming nie aan die boedel van die oorledene uitbetaal nie maar wel direk aan die begunstigde. Die gevolg hiervan is dat die opbrengs van die lewenspolis nie deel van die oorledene se beredderbare boedel sal wees nie.[98] Uit bostaande bespreking is dit duidelik dat sodanige polis dus nie deur die eksekuteur van die boedel hanteer sal word nie.

Daar is reeds gemeld dat alhoewel die polis nie deel van die persoon se beredderbare boedel uitmaak nie, dit nie noodwendig beteken dat daar nie boedelbelasting op hierdie bates betaalbaar sal wees nie.[99] Vervolgens sal bepaal word of lewenspolisse wat begunstig is steeds deel van 'n persoon se "boedel" vir doeleindes van boedelbelasting vorm.

#### 2.5.2.2 Die belasbare boedel

Boedelbelasting word in Suid-Afrika gehef kragtens die *Boedelbelastingwet*. Hierdie Wet maak voorsiening vir 'n belasting op die boedel van elke

93 Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 86: word ook soms na verwys as die oorledene se persoonlike boedel.
94 Sien par 2.4.2.2 hieronder.
95 *Boedelbelastingwet.*
96 Vorster *Boedelbereddering* 86; Abrie ea *Bestorwe Boedels* 185.
97 Selfs waar sekwestrasie ingetree het, kan 'n deel van die opbrengs van die polis van die insolvente boedel uitgesluit word. Sien par 1.2 en par 3.
98 Sal dus ook nie deur die eksekuteur van die boedel hanteer word nie.
99 Davis *Gorden en Getz: Insurance* 366; Reinecke ea *Insurance Law* 308.

persoon wat op of na 1 April 1955 te sterwe gekom het.[100] Die koers waarteen boedelbelasting gehef word is tans 20%.[101] Boedelbelasting is effektief eers betaalbaar sodra die netto waarde van die oorledene se boedel R2 500 000[102] oorskry. 'n Korting van R2 500 000 mag afgetrek word van die netto waarde van die boedel om die belasbare bedrag te bepaal.[103] Die eksekuteur van die bestorwe boedel is verantwoordelik vir die betaling van die boedelbelasting aan die Kommissaris.[104]

Die belasbare boedel bestaan uit die eiendom[105] **sowel** as die **geagte eiendom**[106] van die oorledene, minus die laste en kortings soos deur die *Boedelbelastingwet* voorgeskryf.[107] Die begrip "eiendom" soos na verwys in die *Boedelbelastingwet,* sluit heelwat meer in as slegs die besittings van die oorledene.[108] Dus bestaan die boedel, vir doeleindes van boedelbelasting, uit twee kategorieë eiendom.[109] Artikel 3 van die *Boedelbelastingwet* handel met eiendom wat geag word die eiendom van die oorledene te wees. Met spesifieke verwysing na lewenspolisse bepaal artikel 3 soos volg:

> Eiendom wat geag word die eiendom van die oorledene te wees omvat:-
>
> (a) soveel van enige bedrag wat verskuldig en verhaalbaar is ingevolge 'n assuransiepolis wat 'n binnelandse polis op die lewe van die oorledene is as wat die totale bedrag van enige premies of vergoeding wat tot bevrediging van die Kommissaris bewys word betaal te gewees het deur 'n persoon wat geregtig is op die

---

100 Huxham en Haupt *Inkomstebelasting* 492; Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 82; Swart ea *Beplanning en Beredderíng van Boedels* 112; Abrie ea *Bestorwe Boedels* 180.

101 Nasionale Begroting vir die finansiële jaar 2006-2007 soos afgekondig deur die Minister van Finansies.

102 A 4A van die *Boedelbelastingwet.* Ingevolge die Nasionale Begroting vir die finansiële jaar 2006-2007 soos afgekondig deur die Minister Finansies. Voor hierdie aankondiging het die korting R1 500 000 beloop.

103 A 4A van die *Boedelbelastingwet.* Abrie ea *Bestorwe Boedels* 180; Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 82; Huxham en Haupt *Inkomstebelasting* 492.

104 Arendse et al *Silke: Inkomstebelasting* 644; Abrie ea *Bestorwe Boedels* 180.

105 Staan ook bekend as bates.

106 Staan ook bekend as geagte bates.

107 A3(1) van die *Boedelbelastingwet;* Arendse et al *Silke: Inkomstebelasting* 645; Huxham en Haupt *Inkomstebelasting* 492; Davis *Gorden en Getz: Insurance* 366.

108 Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 86; Abrie ea *Bestorwe Boedels* 185; Swart ea *Beplanning en Bereddering van Boedels* 112.

109 Eiendom en geagte eiendom.

> bedrag wat ingevolge die polis verskuldig is, saam met rente teen ses persent per jaar bereken op sodanige premies of vergoeding vanaf die datum van betaling tot die datum van dood te bowe gaan:met dien verstande dat die voorgaande bepalings van hierdie paragraaf nie van toepassing is nie ten opsigte van 'n bedrag wat ingevolge 'n assuransiepolis verskuldig en verhaalbaar is nie.

Dit is dus duidelik dat 'n lewenspolis deel van geagte eiendom in die oorledene se boedel vorm, **indien** die polis uitgeneem is op die lewe van die oorledene.[110] Die feit dat die lewenspolis op die lewe van die oorledene uitgeneem moes wees, dien as die kriteria vir die insluiting van die opbrengs in die boedel van die oorledene. Dit is so, ongeag aan wie die polis uitbetaal (begunstig) is of wie die eienaar van die polis is.[111] Indien die oorledene die eienaar van 'n polis op die lewe van iemand anders was, sal slegs die afkoopwaarde daarvan as geagte eiendom by sy boedel ingesluit word.[112]

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat daar 'n kategorie bates bestaan wat nie deur die eksekuteur as boedelbates hanteer word nie maar wat nietemin deel van die boedel van die oorledene vir doeleindes van boedelbelasting vorm. Dus sal polisvoordele, buiten drie spesifieke gevalle,[113] wat op die lewe van die oorlede uitgeneem is as geagte eiendom **vir doeleindes** van **boedelbelasting** deel van die bestorwe boedel uitmaak.

Vervolgens aan die orde is 'n bespreking van die beskerming wat polisvoordele kragtens lewenspolisse in die geval van sekwestrasie, geniet.

---

110 *Boedelbelastingwet* a 3(3); Abrie ea *Bestorwe Boedels* 184; Miller *Corporate & Personal Financial Planning* A179; Davis *Gorden en Getz: Insurance* 366.

111 Abrie et al *Bestorwe Boedels* 184; Abrie, Graham en van der Linde *Boedel- en Finansiële beplanning* 81; Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 204; Davis *Gorden en Getz: Insurance* 366.

112 A 3(3) van die *Boedelbelastingwet*; Abrie ea *Bestorwe Boedels* 184; Davis *Gorden en Getz: Insurance* 366.

113 Die sogenaamde koop- en verkooppolisse, die sleutelmanpolisse en bedrae wat ingevolge die polis verskuldig is deur die oorlewende gade of kind van die oorledene uit hoofde van 'n behoorlik geregistreerde voor- of na-huwelikse kontrak verhaalbaar is.

## 3 Beskerming van polisvoordele kragtens lewenspolisse

### *3.1 Artikel 63 van die Langtermynversekeringswet*

Dit is nou van belang om die bewoording van artikel 63 en die werking daarvan te betrag om sodoende te bepaal in watter gevalle en tot watter mate artikel 63 aanwending sal vind.

Met ingang 1 Januarie 1999 is die *Versekeringswet*[114] deur die *Langtermynversekeringswet* en die *Korttermynversekeringswet*[115] herroep.[116] Vanaf 1 Januarie 1999 is die bepalings van die *Langtermynversekeringswet* dus op beskermde lewenspolisse van toepassing. Artikel 63 van die *Langtermynversekeringswet* reël die aanwending van polisvoordele kragtens lewenspolisse by gesekwestreerde bestorwe boedels.[117] Met die risiko van herhaling word weer na artikel 63 verwys.

Artikel 63 van die *Langtermynversekeringswet* bepaal:

> (1) Behoudens subartikel (2) en (3) is die polisvoordele wat aan 'n persoon verskaf word of verskaf staan te word kragtens een of meer bystands-, lewens-, ongeskiktheids-, of gesondheidspolisse waarin daardie persoon of die gade van daardie persoon die versekerde lewe is en wat vir 'n tydperk van minstens drie jaar van krag was (of die bates wat uitsluitlik met daardie polisvoordele verkry is), behalwe vir 'n skuld deur die polis verseker-
>
> *(a)* gedurende sy of haar lewe nie vatbaar vir beslaglegging of onderworpe aan uitwinning kragtens 'n vonnis van 'n hof nie of maak nie deel van sy of haar insolvente boedel uit nie; of
>
> *(b)* by sy of haar afsterwe, indien hy of sy deur 'n gade, kind, stiefkind of ouer oorleef word, nie vir die doeleindes van die betaling van sy of haar skulde beskikbaar nie.
>
> (2) Die beskerming in subartikel (1) beoog, is van toepassing op-
>
> *(a)* bates uitsluitlik met die polisvoordele verkry, vir 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum waarop die polisvoordele verskaf is; en

---

114 *Wet* 27 van 1943 (hierna "die *Versekeringswet*").

115 *Wet* 53 van 1998 (hierna die "*Korttermynversekeringswet*").

116 Graham, Abrie en Evans *Insolvente Boedels* 20.

117 Meskin *Insolvency* 5-6. Sien ook par 1.2 hierbo.

*(b)* polisvoordele en bates aldus verkry (as daar is) tot 'n totale bedrag van R50 000 of 'n ander bedrag deur die Minister voorgeskryf.

(3) Polisvoordele word slegs beskerm soos bepaal in -

*(a)* subartikel (1)*(b)*, indien hulle afwentel op die gade, kind, stiefkind of ouer van die persoon in subartikel (1) bedoel in die geval van daardie persoon se afsterwe; en

*(b)* subartikel (1)*(a)* en *(b)*, indien die persoon wat daardie beskerming opeis, in staat is om op 'n oorwig van waarskynlikheid te bewys dat die beskerming aan hom of haar kragtens hierdie artikel toekom.

Die beskerming wat deur artikel 63 gebied word, geld ten opsigte van vier tipes polisse naamlik bystands-, lewens-, ongeskiktheid- en gesondheidspolisse.[118] Die beskerming geld verder ten opsigte van die polisvoordele (hierna die "beskermde polisvoordele") wat aan 'n persoon[119] verskaf is of verskaf staan te word (hierna die "beskermde persoon(e)") kragtens 'n polis[120] ingevolge waarvan daardie persoon of die gade van daardie persoon die versekerde lewe is.[121] Hierdie beskerming geld ook ten opsigte van bates wat uitsluitlik met die polisvoordele aangekoop is (hierna die "beskermde bates").[122] Die persoon wat beweer dat hy op sodanige beskerming geregtig is, moet dit op 'n oorwig van waarskynlikheid bewys.[123] Meskin[124] merk tereg op dat artikel 63 slégs geld ten opsigte van die polisvoordele wat kragtens 'n lewenspolis aan 'n persoon verskaf word of verskaf staan te word, met voorbehoud dat daardie persoon self of die gade van daardie persoon die versekerde lewe ingevolge die polis was.[125] Om dus vir doeleindes van artikel 63 te kwalifiseer as 'n **beskermde persoon(e)** moet die volgende vereistes teenwoordig wees:

118 A 63 van die *Langtermynversekeringswet*; Meskin *Insolvency* 5-6; Reinecke ea *Insurance Law* 441.
119 Die versekerde self of sy gade.
120 Die genoemde polisse.
121 Meskin *Insolvency* 5-6; Reinecke ea *Insurance Law* 441.
122 Meskin *Insolvency* 5-6; Reinecke ea *Insurance Law* 441.
123 Meskin *Insolvency* 5-6; Reinecke ea *Insurance Law* 441. Vir 'n tydperk van 5 jaar.
124 Meskin *Insolvency* 5-6.
125 Meskin *Insolvency* 5-6.

(a) die persoon moet die versekerde wees **en** die voordele moet aan homself of aan sy bestorwe boedel verskaf wees of verskaf staan te word; of

(b) die persoon moet die gade van die versekerde wees **en** die voordele moet aan hom of haar[126] verskaf wees of verskaf staan te word.[127]

Indien artikel 63(1)*(b)* saamgelees word met artikel 63(3)*(a)*, kom dit na vore dat artikel 63 daargestel is om beperkte[128] beskerming ten opsigte van polisvoordele[129] aan die beskermde persone te bied in twee gevalle.

*(aa) gedurende die lewe van die beskermde persoon(e);*
*(bb) by die afsterwe* van die beskermde persoon(e).[130]

Die effek van die beskerming is dat die polisvoordele of bates[131] aldus verkry

(i) *gedurende die lewe van die beskermde persoon* nie vatbaar sal wees vir beslaglegging of onderworpe sal wees aan uitwinning kragtens 'n vonnis van 'n hof nie. Dit sal verder ook nie deel van die beskermde persoon se insolvente boedel vorm nie;

(ii) *by die afsterwe van die beskermde persoon*[132] nie aangewend sal word om die skulde van die oorledene te betaal nie (ongeag of die oorledene se boedel gesekwestreer is of nie).[133]

Die beskerming geld slegs ten opsigte van die polisvoordele wat deel van sy of haar bestorwe boedel[134] sou uitmaak.[135] Indien die polisvoordele aan

---

126 Aan die persoon en nie aan die versekerde nie. Punt (a) dek die geval waar die voordele aan die versekerde betaalbaar is.
127 Met inbegrip van die vereiste dat die polis reeds vir 'n termyn van drie jaar of langer van krag was.
128 Beperk in dié sin dat slegs die eerste R50 000 van die polisvoordele beskerm is.
129 Of bates aldus gekoop.
130 Met voorbehoud dat hy oorleef word deur van die persone genoem in a 63(1)*(b)*.
131 Die beskermde voordele tot 'n bedrag van R50 000.
132 Indien oorleef deur 'n gade, kind, stiefkind of ouer.
133 Meskin *Insolvency* 5-10.

'n persoon verskaf of verskaf staan te word (hierna "'n derde") wat nie 'n beskermde persoon[136] is nie, sal artikel 63 **nie** toepassing vind **nie**.[137] Gevolglik word die stelling gemaak dat artikel 63 nie sal geld ten opsigte van polisvoordele wat aan **'n derde** begunstigde is nie. Die rede hiervoor is dat 'n begunstigde-benoeming meebring dat die voordele nie meer aan 'n beskermde persoon verskaf word of verskaf staan te word nie.[138] Die begunstigdes is by aanvaarding van die voordeel, geregtig op die hele opbrengs van die polis en gevolglik sal die voordele nie deel van die beredderbare bestorwe boedel[139] van die oorledene vorm nie.[140] Sou die bestorwe boedel in hierdie omstandighede gesekwestreer word, kan die vernietigbare regshandelinge myns insiens inderdaad 'n rol speel. A neem byvoorbeeld 'n polis op sy eie lewe uit en benoem vir B as die begunstigde kragtens die polis. A kom te sterwe en sy bestorwe boedel word gesekwestreer. Die opbrengs van die polis val buite die insolvente boedel van A, maar elke paaiement wat hy betaal het **nadat** sy boedel insolvent geword het kan wel van die opbrengs teruggeëis word deur die kurator vir die voordeel van die gesekwestreerde boedel- vervreemding sonder teenwaarde. In die algemeen het die eienaar van 'n lewensversekeringspolis die reg om met die polis te handel.[141] Hierby ingesluit is die reg om die polis opbetaal te maak, om 'n begunstigde kragtens die polis aan te wys en om sy regte uit hoofde van die polis te sedeer. Sodra 'n persoon se boedel gesekwestreer word, vestig hierdie regte in die kurator van sy

---

134 Dus die beredderbare bestorwe boedel. Sien par 2.4.2.1.

135 Meskin *Insolvency* 5-6.

136 Die vereistes om te klassifiseer as 'n beskermde persoon is reeds hierbo genoem.

137 Al is die derde 'n gade, kind, stiefkind of ouer van die beskermde persoon(e). Meskin *Insolvency* 5-6.

138 Meskin *Insolvency* 5-6.

139 Die beredderbare bestorwe boedel. Sien par 2.4.2.1.

140 Meskin *Insolvency* 5-7. Dit is so tensy die begunstigde die voordeel repudieer. *Warricker and Another NNO v Liberty Associations of Africa Ltd* 2003 6 SA 273 (W).

141 Onderhewig aan die terme van die ooreenkoms.

boedel.[142] Indien die boedel van die eienaar gesekwestreer word, verloor die persoon alle regte om met die polis te handel aangesien hierdie regte in die kurator van sy gesekwestreerde boedel vestig. Gevolglik het die persoon ook nie meer die reg om 'n begunstigde ingevolge die polis te benoem of sy regte ingevolge die polis te sedeer nie.[143] Indien die voordele ingevolge die ter sake polis gedurende die lewe of by die dood van die gesekwestreerde persoon aan hom verskaf word of verskaf staan te word, sal sodanige voordele, buiten die beskermde gedeelte ingevolge artikel 63, in sy gesekwestreerde boedel val.[144]

Daar word saamgestem met die standpunt van Gorden en Getz[145] dat indien die versekerde gedurende sy lewe 'n begunstigde op 'n polis aangewys het, die opbrengs by die dood van die versekerde nie in die bestorwe boedel[146] van die versekerde val nie maar direk aan die begunstigde uitbetaal.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat artikel 63 nie ten opsigte van polisvoordele wat aan 'n derde[147] begunstig is, sal geld nie. Die rede hiervoor is myns insiens tweeledig. Eerstens omdat die derde nie die "persoon"[148] is soos bedoel in artikel 63 nie en tweedens omdat die reg om die voordele af te dwing, vanweë die begunstigde-benoeming, in die

---

142 Meskin *Insolvency*; a 2 van die *Insolvensiewet* saamgelees met die definisie van eiendom in a 2; *Warricker and Another NNO v Liberty Associations of Africa Ltd* 2003 6 SA 273 (W).

143 Die feit dat die insolvent nie oor enige regte ingevolge die polis beskik nie skakel die argument dat die benoeming van 'n begunstigde neerkom op 'n poging om skuldeisers van die boedel te benadeel of om die een skuldeiser bo 'n ander te bevoordeel, uit. In die geval waar die begunstigde aangewys is lank voordat die eienaar se boedel gesekwestreer is, sal die begunstigde-benoeming steeds van krag bly. Soos reeds genoem, kan die kurator wel in so 'n geval die paaiemente wat die eienaar betaal het **nadat** sy boedel insolvent geword het, van die opbrengs terug eis.

144 Dit sal slegs die geval wees indien die gesekwestreerde persoon te sterwe kom en die voordele ingevolge die polis aan die gesekwestreerde persoon self verskaf staan te geword het by sy dood. Dus indien daar geen begunstigde benoem is nie.

145 Davis *Gorden and Getz: Insurance Law* 277-279 en 327-338.

146 Dit verwys na die beredderbare boedel. Op grond van die bespreking in par 2.4.2.2 vorm sodanige polis steeds deel van die oorledene se belasbare boedel.

147 Met voorbehoud dat sodanige begunstigde die voordele aanvaar het.

148 Nie die beskermde persoon soos bedoel deur a 63 nie. Sien ook 3.1 hierbo.

begunstigde vestig en dus nie deel van die gesekwestreerde bestorwe boedel[149] vorm nie.

Vervolgens sal die howe se toepassing van artikel 63 bespreek word. Dit is belangrik aangesien die howe in twee sake met soortgelyke feite, twee verskillende menings rakende die toepassingsveld van artikel 63 gehuldig het. Laastens sal van die appèlhof se standpunt in hierdie verband hanteer word aangesien die beslissing van die appèlhof 'n duidelike en korrekte weergawe van die toepassingsveld van artikel 63 gegee het.

## 4 Interpretasie van die howe

### *4.1 Shrosbree and Others NNO v Van Rooyen NO and Others*[150]

#### *4.1.1 Feite*

Amelia Pieterse (hierna "P") het op 28 September 2000 haar eie lewe geneem deur haarself in die kop te skiet. Haar boedel was ten tye van haar dood reeds hopeloos insolvent. Gevolglik is dit op 8 Maart 2001 finaal gesekwestreer. Die kurators van die bestorwe gesekwestreerde boedel van P was die applikante in die geding. Hulle het die hof genader vir 'n verklarende bevel dat die drie versekeringspolisse op die lewe van P aan hul behoort.[151] Die eerste respondent was die versekeringsmaatskappy maar hulle het nie deelgeneem aan die verrigtinge nie. Die tweede respondent[152] was die eggenoot van P wat buite gemeenskap van goed met P getroud was. Hy is en was ook ten tye van haar dood 'n ongerehabiliteerde insolvent. Die respondent is as begunstigde op sodanige lewenspolisse aangewys. Op grond van die kurators se eis nader die

149 In hierdie opsig word daar na die beredderbare boedel verwys en nie na die belasbare boedel nie.
150 2004 1 SA 226 (SOK).
151 As kurators van die gesekwestreerde boedel.
152 Hierna die respondent.

respondent die hof vir 'n verklarende bevel dat die ter sake polisse aan die respondent self of aan sy kurator behoort.[153]

### *4.1.2 Argumente en beslissing*

(a) Artikel 21 van die Insolvensiewet-argument

Die applikante beweer eerstens dat ingevolge artikel 21 van die *Insolvensiewet* die bates van die solvente gade (dus die respondent) op die kurator[154] van die boedel van die insolvente gade[155] moet oorgaan. Die kurator kan daarmee handel asof dit bates van die insolvente boedel is totdat die teendeel bewys is. Die applikante betoog dat artikel 21 in hierdie geval toepassing vind aangesien artikel 21 geld by feitelike insolvensie ongeag of 'n sekwestrasiebevel reeds toegestaan is of nie. In hierdie verband wys die hof daarop dat alvorens artikel 21 toepassing sal vind 'n sekwestrasiebevel deur 'n hof gegee moes word. Gevolglik sal artikel 21 nie geld in die gevalle van feitelike insolvensie alleen nie. In die alternatief beweer die applikante dat sou beslis word dat artikel 21 slegs geld indien 'n sekwestrasiebevel reeds deur 'n hof toegestaan is, die applikante ten tye van sekwestrasie 'n gevestigde reg[156] op sodanige polisse verkry het.[157]

Die applikante beweer verder dat alhoewel artikel 21 verwys na die "solvente gade" dit geen verskil maak of die respondent solvent of insolvent is nie. Ter verdediging van hierdie standpunt voer die applikante aan dat dié frase "solvente gade" slegs ten doel het om die gade van die insolvente

153 Die kurators van die insolvente boedel van die respondent het egter nie aan hierdie verrigtinge deelgeneem nie. Die versekeringsmaatskappy wat die lewe van P verseker het, het ook nie aan die verrigtinge deelgeneem nie. Die opbrengs van die lewenspolisse ('n bedrag van meer as 2 miljoen rand) is uitbetaal aan die applikante wat die bedrag in trust geplaas het totdat daar uitsluitsel oor die geskil gegee is.

154 Dus op die applikante.

155 Dus die boedel van P.

156 Volgens die applikante het hul reeds die gevestigde reg by die dood van die oorledene gekry.

157 Die respondent het die voordeel ingevolge die polisse aanvaar en gevolglik is dit bates wat deel is van die boedel van die respondent.

skuldenaar aan te dui.[158] Dit is dus irrelevant of sodanige gade ook insolvent is al dan nie.

Die hof vereenselwig hom ook nie met bogenoemde argumente van die applikant nie. Die hof wys op 'n aantal gronde waarom artikel 21 nie in die spesifieke geval aanwending kan vind nie. Eerstens meen die hof dat die ontbinding van 'n huwelik 'n direkte gevolg is van die afsterwe van een van die gades tot die huwelik. Dus was die respondent nie meer die gade van P op datum van sekwestrasie van haar boedel nie aangesien hul huwelik reeds op datum van dood ontbind het.[159] Hierdie artikel is slegs van toepassing op die gade wat getroud is met die insolvent op datum van sekwestrasie van die boedel van die insolvent.[160] 'n Verdere grond waarop die hof die argument rakende die toepassing van artikel 21(1) verwerp, is dat dié artikel nie die solvente gade ontneem van eienaarskap nie.[161] Die hof wys daarop dat artikel 21 ten doel het om 'n administratiewe meganisme in plek te stel wat die kurator in staat stel om suksesvol te bepaal wie die werklike eienaar van sekere bates is.[162]

---

158 Indien die boedel van die solvente gade ook gesekwestreer word, alle regte en bates van die voormalige "solvente" gade oorgaan op die kurator van sy of haar gesekwestreerde boedel. Hierdie kurator het nou dieselfde regte as wat die voormalige "solvente gade" uit hoofde van a 21 gehad het. Dus is a 21 wel en steeds van toepassing.

159 Die hof verwys in hierdie opsig na *Janit v Van der Heever and Another NNO* 2001 1 SA 731 (W).

160 Sien ook Anon 2004 *Jutas insurance law bulletin* 35.

161 Hierdie standpunt is in stryd met die *obiter* uitspraak in *De Villiers NO v Delta Cables (Pty) Ltd* 1 SA 9 (A) 16. In hierdie saak beslis die hof *obiter* dat die werking van a 21 meebring dat die eienaarskap *(dominium)* inderdaad vanaf die solvente gade op die kurator oorgaan. Volgens die hof is dit ook die bedoeling van die wetgewer dat daar 'n oordrag van *dominium* plaasvind. Alhoewel die korrektheid van hierdie beslissing bevraagteken word (Stander 1996 *THRHR* 388), word daar vir doeleindes van hierdie studie by die hof se *obiter* beslissing in die *De Villiers*-saak volstaan.

162 Dus of die bates aan die insolvent of aan die solvente gade behoort. *Harksen v Lane NO and Others* 1998 1 SA 300 (KH ); Smith *Insolvency* 108; Sharrock *Insolvensie* 58. Voor die inwerkingtreding van a 21 het dit gereeld gebeur dat wanneer 'n persoon sekwestrasie antisipeer, hy bloot sy eiendom aan sy gade oordra en op so 'n wyse tot nadeel van sy skuldeisers handel. A 21 het ten doel om te verhoed dat 'n persoon hierdie weg kan volg om tot nadeel van sy skuldeisers te handel.

Die slotsom van die hof se beslissing oor artikel 21 is dat die applikante nie korrek is in hul standpunt dat artikel 21 in hierdie geval toepassing behoort te vind nie.[163] Daar word saamgestem met die hof se mening en redes waarom artikel 21 **nie** in hierdie geval geld **nie**. Daarbenewens is die hof korrek in sy standpunt dat artikel 21 nie in die geval van feitelike insolvensie alleen[164] geld nie. Dit is so omdat artikel 21 spesifiek na die **sekwestrasie** van die afsonderlike boedel van een van die twee eggenote verwys.[165] Verder is die bestorwe boedel van P gesekwestreer *nadat* die huwelik tussen die oorledene en die respondent reeds ontbind het.[166] Bostaande sluit aan by die volgende rede waarom die hof die toepassing van artikel 21 verwerp het: Die respondent was, vanweë die ontbinding van die huwelik deur dood, nie meer die gade van die insolvent nie. Dit is egter belangrik om in hierdie opsig aan te dui dat gade[167] nie alleen na 'n gade in die wettige sin verwys nie. Hierby ingesluit is ook gades kragtens 'n huwelik volgens enige regstelsel of gebruik en ook 'n vrou wat saam met 'n man as sy gade leef of 'n man wat met sy vrou as haar gade leef, hoewel hulle nie met mekaar getroud is nie. Dus is die bestaan van 'n wettige huwelik nie 'n vereiste in terme van artikel 21 nie maar wel die bestaan van 'n permanente verhouding tussen die gades. Die dood van een van die partye tot die huwelik ontbind die huwelik en gevolglik ook die vereiste permanente verhouding.[168] Aangesien die bestaan van 'n permanente verhouding vir die toepassing van artikel 21 vereis word, kon daar nie suksesvol gesteun

---

163 Daar word nie saamgestem met hierdie standpunt van die hof nie.

164 Feitelike insolvensie is wanneer 'n persoon se laste sy bates oorskry. Dit beteken egter nie dat die persoon se boedel dan ook gesekwestreer is nie. Daar moet eers 'n sekwestrasiebevel gegee word alvorens die boedel van daardie persoon onder sekwestrasie is.

165 A 21(1): "Die sekwestrasie van die afsonderlike boedel...".

166 Datum van dood was 28 September 2000 en datum waarop sekwestrasiebevel gegee was is 8 Maart 2001.

167 A 21(1) saamgelees met a 21(13) van die *Insolvensiewet*. Ook bekend as eggenoot en eggenote.

168 Botha et al *Financial Planning* 640.

word op ter sprake artikel nie.[169] Dit is myns insiens ook die primêre rede waarom die applikante nie suksesvol op artikel 21 kon steun nie.

In 'n laaste poging wend die applikante hul tot artikel 63 van die *Langtermynversekeringswet.* Vervolgens sal die argumente gegrond op die werking van artikel 63 bespreek word.

(b) Artikel 63 van die Wet-argument

Die applikante beweer dat die saldo (dit wat die beskermde R50 000 te bowe gaan) van die betrokke polisvoordele wel ingevolge artikel 63 deel van die gesekwestreerde bestorwe boedel van die versekerde behoort te vorm en aangewend kan word ter betaling van haar skuldeisers. Volgens die hof was dit duidelik die bedoeling van die wetgewer om beskerming te verleen aan die nabye familielede in die geval van lewenspolisse[170] wat vir 'n termyn van drie jaar of langer in werking was.[171] Die hof wys daarop dat die beskerming wat aan bogenoemde familielede verleen word nie onbeperk is nie aangesien artikel 63(2)(b) 'n limiet van R50 000 op die beskermende bedrag plaas. Derhalwe vorm die bedrag wat R50 000 oorskry deel van die insolvente boedel en/of is dit onderworpe aan beslaglegging en/of kan dit aangewend word om die skuldeisers van die insolvent te betaal.[172] Volgens die hof sal dit sinneloos wees om 'n limiet op die beskermde bedrag te plaas indien dit eintlik die bedoeling is dat die totale bedrag deel van die insolvente boedel vorm of dat die volle opbrengs beskerm word. Nadat die hof die bewoording van artikel 63 onder die vergrootglas geplaas het, kom die hof tot die gevolgtrekking dat artikel 63(1)(b) van toepassing is. Die hof meen dat dié deel van die opbrengs van die lewenspolis wat R50 000 oorskry inderdaad aangewend kan word ter betaling van die skuld van die versekerde en/of deel van die versekerde se insolvente boedel vorm. Die hof stel dit verder duidelik dat dit egter

169 Dit is so omdat artikel 21 verwys na die solvente gade van die insolvent.
170 Of ander polisse soos na verwys in a 63.
171 Sien ook Anon 2004 *Jutas insurance law bulletin* 35.
172 Anon 2004 *Jutas insurance law bulletin* 35.

onderhewig is aan die vereiste dat die polis ten minste vir 'n termyn van drie jaar van krag moes wees.

Op sy beurt argumenteer die respondent dat hy die voordele ingevolge die lewenspolis aanvaar het en daarom is hy op alle voordele ingevolge die polis geregtig. Daar word verder aangevoer dat aangesien die respondent die voordele ingevolge die polis aanvaar het, sodanige voordele in hom vestig en dat die sekwestrasie van die boedel van sy oorlede vrou nie meebring dat hy van sodanige regte ontneem word nie. Volgens die hof is die aanvaarding van voordele wel 'n vereiste om sodanige voordele te kan afdwing maar bring die aanvaarding nie *per se* mee dat die begunstigde op alle voordele ingevolge die polis geregtig is nie. Die hof gee toe dat die aanvaarding van die voordele wel 'n geldige kontrak tot stand bring en dat die betrokke kontrak inderdaad teen die versekeringsmaatskappy afdwingbaar is maar slegs tot die bedrag wat deur toepaslike wetgewing toegelaat word. Die hof beslis dus dat die voordeel wat deur die respondent aanvaar is die voordeel is soos toegelaat en beperk deur artikel 63.

Myns insiens is die aanvaarding van voordele genoegsaam om die begunstigde in staat te stel om die voordele teen die versekeraar af te dwing en dus alle voordele soos deur hom aanvaar en nie dié soos voorgeskryf deur artikel 63 nie.[173] Die rede hiervoor is dat artikel 63 nie in hierdie geval aanwending vind nie en dus nie die voordele kan reël wat **nie** deel van die gesekwestreerde boedel van die beskermde persoon vorm nie.

Wat die onderskeie termyne van die polisse betref, word bevind dat geen een van die polisse reeds drie jaar in werking was by die dood van P nie. Een van die polisse was wel drie jaar in werking op die datum van sekwestrasie van die boedel van P. Ter bepaling van watter datum gebruik moet word om die onderskeie termyne van die betrokke polisse te bepaal, verwys die hof na die beslissing in *Sackstein en 'n Ander NNO v Smith en*

173 *Warricker and Another NNO v Liberty Life Association Ltd* 2003 6 SA 273 (W).

*'n Ander.*[174] In hierdie gewysde het die hof die datum van sekwestrasie gebruik ter bepaling van die termyn wat die polis in werking was. Die verskil is egter dat in die *Sackstein*– saak die versekerde lewe steeds in lewe was ten tye van sekwestrasie. Gevolglik was die afkoopwaarde van die polis hier van belang. In die gewysde onderbespreking die versekerde nie meer in lewe nie en daarom is die opbrengs van die lewenspolis van belang. Daar is egter slegs sprake van die opbrengs by 'n lewenspolis by die afsterwe van die versekerde. Gevolglik beslis die hof dat die datum van afsterwe die toepaslike datum is om in hierdie geval te gebruik. Die hof se standpunt in hierdie verband word ondersteun. In die algemeen word die termyn van drie jaar bereken vanaf die dag van uitreiking van die polis tot en met die dag waarop die sekwestrasiebevel uitgereik is.[175] In die geval van 'n lewenspolis, daarteenoor, word die termyn bereken vanaf die dag van uitreiking tot en met die dag van afsterwe van die versekerde (dus die dag waarop die voordele ingevolge die polis betaalbaar word).[176]

Volgens die hof is die respondent in hierdie geding nie geregtig op enige voordeel ingevolge enige een van die lewenspolisse nie. Die rede vir hierdie beslissing is (verkeerdelik) geskoei op die feit dat die polisse nie die vereiste drie jaar in werking was nie. Dit is nie gegrond op die feit dat die hof meen artikel 63 nie geld nie. Die implikasies van die hof se beslissing is dat sou die termyne van die polisse voldoen het aan die drie jaar vereiste, artikel 63 wel toepassing sou wees. Die hof stel dit uitdruklik dat artikel 63 *(b)* wel in hierdie geding die geldende bepaling is.[177] Die hof staan die aansoek van die applikant toe met 'n kostebevel in die guns van die applikant.

---

174 *Sackstein en 'n Ander NNO v Smith en 'n Ander* 1995 4 SA 1029 (O).
175 Meskin *Insolvency* 5-10 (2).
176 Meskin *Insolvency* 5-10 (2).
177 "Section 63(b) applies in this matter".

*4.1.3 Gevolgtrekking*

Myns insiens is hierdie saak verkeerd beslis. Dit is my submissie dat dit nie vir die hof nodig was om hom te bemoei met die termyne van die polisse nie aangesien artikel 63 in elke geval nie in hierdie saak toepassing vind nie. Die hof meen egter dat artikel 63 wel in hierdie geding die geldende bepaling is maar dat die respondent nie geregtig is op die beskerming van R50 000 van die opbrengs nie omdat die termyne te kort was. Dit is volgens my nie korrek nie. Op sterkte van die bespreking in paragraaf 3 is dit duidelik dat artikel 63 net geld ten opsigte van die voordele wat aan 'n persoon verskaf of verskaf staan te word kragtens 'n lewenspolis waarin daardie persoon of die gade van daardie persoon die versekerde lewe is. Die beskerming geld verder ten opsigte van die gesekwestreerde boedel van die beskermde persoon.[178] Wat egter van kardinale belang is, is dat dit nie in hierdie gewysde enigsins gaan oor die beskermde persoon (die persoon aan wie die voordeel verskaf of verskaf staan te word) se boedel nie. Dit is myns insiens een van die redes waarom artikel 63 nie in hierdie gewysde ten opsigte van P se boedel geld nie. Met verwysing na die bespreking in paragraaf 2.4 word die verdere stelling gemaak dat die begunstigde vanweë die begunstigde-benoeming geregtig is op die opbrengs van die lewenspolisse. Die begunstigde het met aanvaarding die reg verkry om die polis teen die versekeraar af te dwing. In die laaste plek vorm 'n polis waarop 'n begunstigde benoem is ook nie meer deel van 'n persoon se beredderbare bestorwe boedel nie. Daar sal wel boedelbelasting op sodanige polis betaalbaar wees maar die opbrengs sal nie aangewend kan word ter betaling van die skuldeisers van die versekerde se boedel nie.

---

178 Sien par 3.1 hierbo.

## *4.2 Love and Another v Sanlam Life Insurance Ltd and Another*[179]

### *4.2.1 Feite*

Die feite in hierdie saak stem in 'n groot mate ooreen met dié in die *Shrosbree*-saak. In hierdie gewysde is die oorledene en sy gade op 16 Junie 1979 buite gemeenskap van goedere getroud. Op 1 April 1996 het die oorledene 'n lewenspolis op sy eie lewe uitgeneem. In 1997 het die oorledene die polis aan Sanlam Makelaars gesedeer. Die sessie het as sekuriteit vir 'n betrokke skuld gedien. Die volgende jaar is die sessie egter gekanselleer. In die begin van 2000 het die oorledene 'n sekere Mnr Gehrke as begunstigde ten opsigte van 80% van die opbrengs van die lewenspolis genomineer. Alhoewel die moeder van die oorledene steeds die begunstigde ten opsigte van 20% van die opbrengs van die polis was, het die benoeming van Mnr Gehrke die gade van die oorledene as begunstigde vervang. Op 6 Februarie 2001 is die gade van die oorledene vir 'n tweede keer as begunstigde ten opsigte van 80% van die opbrengs van die polis aangebring. Op 17 Februarie 2001 het die oorledene (hierna R) sy eie lewe geneem.

Die gade van R is die eerste applikant in hierdie geskil en sy moeder die tweede applikant. Alhoewel die boedel van R eers op 11 April 2001 finaal gesekwestreer is, was dit reeds op datum van sy afsterwe duidelik dat sy boedel insolvent was. Die eerste respondent is die versekeraar wat die lewe van R verseker het en die tweede respondent is die kurator van die insolvente boedel van R.

Weer eens was die dispuut of artikel 63 in hierdie saak toepassing vind, al dan nie. Die hof is genader om uitsluitsel te gee oor die vraag wie op die opbrengs van die lewenspolis geregtig is. Daar moes dus bepaal word of die opbrengs deel van die insolvente boedel van R vorm of die begunstigdes toekom.

---

179 2004 3 SA 445 (SOK).

Die applikante het die hof genader vir 'n verklarende bevel dat die eerste respondent verplig is om aan die eerste en tweede applikante die opbrengs van die lewenspolis te betaal en wel in die verhouding van 80% aan die gade en 20% aan die moeder van R. Die tweede respondent doen op sy beurt aansoek by die hof vir 'n bevel dat die benoeming van die applikante as begunstigdes op die lewenspolis in werklikheid vernietigbare regshandelinge was. Dit bring mee dat hy, die tweede respondent, op die volle opbrengs van die polis tesame met rente daarop geregtig is. Daar word ook beweer dat die begunstigde-benoemings onderhewig is aan 'n beweerde sessie wat deur die oorledene in die guns van Mnr Gehrke op die lewenspolis aangebring is.

Alhoewel die tweede respondent tydens die aanvang van die saak van mening was dat die applikante op R50 000 van die opbrengs geregtig was en dat die geskil slegs gehandel het oor wie geregtig is op die bedrag wat R50 000 oorskry, argumenteer die tweede respondent nou dat die applikante nie eens op die R50 000 geregtig is nie. Die tweede respondent eis dus ook dat die applikante die R50 000 wat hul reeds ontvang het tesame met rente[180] daarop aan hom moet oorbetaal.

*4.2.2 Argumente en beslissing*

(a) Vernietigbare regshandeling-argument

Die respondent beweer dat die benoeming van die applikante as begunstigdes op die lewenspolis net voor die dood van die oorledene op vernietigbare regshandeling, soos bedoel deur artikel 29(1) van die *Insolvensiewet*, neerkom. Die respondent eis dat die handeling (die benoeming) ter syde gestel moet word op sterkte van die feit dat sodanige handeling meebring dat die een skuldeiser (die applikante vanweë die begunstigde-benoeming) bo die ander skuldeisers van die boedel

180 Rente bereken teen die koers wat toegelaat word. Die periode sal wees vanaf die datum waarop die applikante die bedrag ontvang het tot die dag waarop die bedrag aan die respondent oorbetaal is.

bevoordeel word. In die alternatief stel die respondent dat die handeling 'n vervreemding sonder teenwaarde is ingevolge artikel 26 van die *Insolvensiewet* en gevolglik ter syde gestel moet word.

Daarteenoor beweer die applikante dat die vervanging van Mnr Gehrke met die applikant as begunstigde, nie op vervreemding soos bedoel in die *Insolvensiewet* neerkom nie. Ter verdediging van die standpunt verwys die applikante na artikel 2 van die *Insolvensiewet.* Ingevolge artikel 2 beteken "vervreemding" of "vervreem" 'n oordrag of afstand van regte op goed[181] en omvat 'n verkoop, huur, verband, pand, lewering, betaling, kwytskelding, skikking, skenking of kontrak in die sin, maar omvat dit nie 'n vervreemding tot voldoening aan 'n bevel van die hof nie.

Die hof gaan akkoord met die standpunt dat die benoeming van die applikante as begunstigdes nie neerkom op 'n oordrag of afstanddoening van 'n reg wat in die oorledene gevestig het nie. Die rede daarvoor is dat die polisdokument uitdruklik gespesifiseer het dat die begunstigdes "geen reg in terme van die polis sal hê **voor die dood van die aansoeker** nie en dat die aansoeker na vrye wil met die polis kan handel".[182] Die hof stem verder ook saam met die argument van die applikante dat die voordele ingevolge die polis nie 'n bate in die boedel van die oorledene sal wees voor sy dood nie. Tot en met die dood van die versekerde val niks, geen reg daarop, die versekerde toe nie. Dus is daar of bestaan daar dan nog geen voordele nie. Derhalwe is dit ook nie moontlik om enige voordeel ingevolge die polis in die guns van die applikante, oor te dra of te vervreem nie.

Die hof verwys in hierdie opsig ook na die submissie van die appèlregter Van Heerden in *Wessels NO v De Jager en 'n Ander NNO.*[183] Daarin verklaar hy dat die benoeming van 'n begunstigde wel meebring dat daar

---

181 Dit verwys na regte op goed wat in die skuldenaar (insolvent) vestig.

182 Die oorledene het dus niks waarop hy 'n reg het oorgedra of afgestaan nie.

183 *Wessels NO v De Jager en 'n Ander NNO* 2000 4 SA 924 (HHA).

regte en verpligtinge tussen die partye tot die versekeringskontrak tot stand kom, maar dat die begunstigde slegs 'n bevoegdheid verkry om die voordele te aanvaar. Appèlregter Van Heerden huldig die standpunt dat daar nie sprake is van 'n reg wat die derde onmiddellik by die sluiting van die kontrak tot sy voordeel verkry nie. Hy meen dat dit 'n blote bevoegdheid is wat verkry word. Op sterkte van bogenoemde wys die hof die argument dat die benoeming van die applikant as begunstigde op 'n vernietigbare regshandeling neerkom, af.

Vervolgens skenk die hof aandag aan die vraag of artikel 63 in hierdie saak toepassing vind.

(b) Artikel 63 van die Langtermynversekeringswet -argument

Die hoofgeskilpunt in die saak was die vraag of artikel 63 van die *Langtermynversekeringswet* in hierdie geval toepassing vind. Nadat die hof artikel 63 uiteengesit het dui die hof op drie definisies wat in hierdie verband van belang is. In die eerste plek haal die hof die definisie van "lewensgebeurtenis" in artikel 1 van die *Langtermynversekeringswet* aan:

> ... die gebeurtenis waar die lewe van 'n persoon of ongeborene -
> (a) 'n aanvang geneem het;
> (b) voortduur;
> (c) vir 'n tydperk voortgeduur het; of
> (d) geëindig het.

Tweedens verwys die hof weer na artikel 1 wanneer daar uitsluitsel gegee word oor wat versekerde lewe beteken. Die hof dui aan dat die term "versekerde lewe" op die persoon of ongebore persoon dui wie se lewe of funksionele vermoë, gesondheid, liggaam of breinfunksies ingevolge 'n langtermynversekeringspolis verseker is. In die laaste plek haal die hof die definisie van "lewenspolis" soos ook uiteengesit in artikel 1 aan:

> ... a contract in terms of which a person, in return for a premium, undertakes to -

(a) provide policy benefits upon, and exclusively as a result of a life event, or

(b) pay an annuity for a period; and includes a reinsurance policy in respect of such a contract.

Regter Plasket verwys in sy uitspraak na die *Shrosbree*-saak en bespreek kortliks hoe die hof in hierdie gewysde artikel 63 geïnterpreteer het. Hy wys op regter Pillay se beslissing dat waar daar bevind word dat artikel 63(1) meebring dat behalwe vir 'n bedrag van R50 000[184] die voordeel ingevolge 'n lewenspolis deel van die insolvente boedel van die versekerde vorm.[185]

Die argument van die applikante is dat die betekenis wat aan artikel 63 in die *Shrosbree*-saak geheg is, foutief is. Die applikante voer in hierdie opsig aan dat artikel 63 van toepassing is op die polisvoordele wat aan 'n persoon **"verskaf word of verskaf staan te word"**.[186] Dit is verder dan ook die boedel van **daardie persoon; die persoon aan wie die voordeel verskaf word of verskaf staan te word** wat die beskerming geniet indien daardie persoon[187] gesekwestreer word. Die persone aan wie die voordeel verskaf of verskaf staan te word het egter in die onderhawige geval nie beskerming nodig nie aangesien hul boedels nie gesekwestreer is nie. Die hof beslis dat in die onderhawige geval die polisvoordele vanweë die begunstigde-benoemings wat aangebring is, nie aan die oorledene verskaf is of verskaf staan te word nie. Die hof stem saam met die interpretasie van Meskin[188] dat:

> Since the section operates only in relation to those policy benefits envisaged by s 63(1) which are provided or to be provide to a person in terms of a policy under which that person, or his spouse is the life insured, where such benefits are provided or to be provided to some other person, the section is of no application. It is accordingly submitted that the section will not apply in relation to policy benefits which are payable, e.g. to a beneficiary nominated under the policy, upon the death of the protected

184 Die toegelate gedeelte wat begunstigdes toekom indien die begunstigde 'n gade of een van die familielede is soos gespesifiseer in artikel 63.

185 Met voorbehoud dat die polis vir drie jaar of langer van krag was.

186 Kragtens een of meer bystands-, **lewens-**, ongeskiktheids-, of gesondheidspolisse, waarin **daardie persoon of die gade van daardie persoon die versekerde lewe is.**

187 Of sy bestorwe boedel.

188 Meskin *Insolvency* 5-6.

> person where such beneficiary accepts the relevant benefits, firstly because such benefits is not the "person" envisaged by s 63(1) and secondly, because the right to claim the benefits vests in the beneficiary and does not form part of the assets of the deceased estate.

Bygevolg word beslis dat artikel 63 nie in hierdie gewysde toepassing vind nie. Die hof dui aan dat vir artikel 63 om in hierdie geval te kon geld moes die polisvoordele waarvan die oorledene of sy gade die versekerde was aan **die oorledene** verskaf geword het of verskaf staan te geword het. Slegs dan sou die boedel van die persoon aan wie die voordeel verskaf of verskaf staan te geword het ook die gesekwestreerde boedel gewees het.[189] Ter afsluiting dui regter Plasket weer aan dat hy nie met die beslissing van regter Pillay in die *Shrosbree*-gewysde saamstem nie.

Daar word dus beslis dat die eerste respondent die opbrengs van die lewenspolis aan die eerste en tweede applikante moet betaal en wel in die verhouding van 80% en 20%, tesame met enige rente daarop verskuldig. 'n Kostebevel in die guns van die applikante word toegestaan.

#### *4.2.3 Gevolgtrekking*

Myns insiens is die hof se beslissing korrek. Artikel 63 vind inderdaad nie in hierdie saak toepassing nie. Die redes waarom artikel 63 nie in hierdie gewysde toepassing vind nie is soortgelyk aan die van die *Shrosbree*-gewysde. Artikel 63 bied beskerming in die geval van sekwestrasie van die boedel van die persoon aan wie die voordele verskaf word of verskaf staan te word. In albei gevalle was die ter sake gesekwestreerde boedel die boedel van die versekerde lewe en nie die boedel van die persoon aan wie die voordele verskaf of verskaf staan te geword het nie. Dit is so omdat daar 'n begunstigde ingevolge die polis benoem is. Op grond hiervan word die hof se beslissing ondersteun.

Alhoewel die feite in bostaande sake ooreenstemmend van aard was, het die beslissings aansienlik van mekaar verskil. Die oorwegende rede vir die omstrede beslissings was, myns insiens, gesetel in die feit dat die howe

---

189 Wat ingevolge a 63 beskerming geniet.

verskillende interpretasies aan artikel 63 geheg het. Dit het verder daartoe gelei dat daar nie eensgesindheid bestaan oor die kwessie of die polis-opbrengste die begunstigde(s) toekom of deel van die gesekwestreerde bestorwe boedels van die versekerde lewe vorm nie. Die hulp van die appèlhof is ingeroep om juis hierdie kontradiksie rakende artikel 63 uit te klaar.

### *4.3 Pieterse v Shrosbree NO and Others Shrosbree No v Love and Others*[190]

#### *4.3.1 Interpretasie van artikel 63 en beslissing*

Met verlof van die adjunk-president van die Hoogste Hof van Appèl is die appèlle van beide die *Shrosbree*-saak sowel as die *Love*-saak terselfdertyd aangehoor. Regter Ponnan begin die verrigting deur die insolvensiereg te assimileer met Oscar Wilde se gedagte oor die waarheid:

> (O)ne might say of the law on the effect of insolvency on insurance policies, as did Oscar Wilde of truth, that is a subject rarely pure and never simple.

Die belangrikste en kern vraag by elk van hierdie sake is óf die kurator van 'n insolvente bestorwe boedel, bó die begunstigdes, geregtig is op die opbrengs van die versekeringspolisse om sodoende die genoemde opbrengs onder die skuldeisers van die oorledene te verdeel? Hierdie kwessie het sy oorsprong in artikel 63. Soos reeds duidelik gestel was die uitkoms van die *Shrosbree*-saak strydig met dié van die *Love*-saak. Derhalwe dien die saak voor die Appèlhof wat hierdie kwessie finaal moet aanspreek en uitklaar.

As agtergrond vir die beslissing bespreek die hof kortliks die feite van albei sake.[191] Die hof verwys na artikel 63 van die *Langtermynversekeringswet* as die opvolger van artikels 39, 41 tot 44 van die *Versekeringswet*.

---

190 2005 1 SA 309 (HHA).

191 Die leser word verwys na par 4.2 en par 4.3 aangesien die feite van die twee sake reeds daar bespreek is.

Weliswaar is artikel 63 dus die geldende bepaling wat die beskerming van sekere langtermynversekeringspolisse betref.

Vervolgens bespreek die hof die totstandkoming en aard van die lewensversekeringskontrak. Hieroor sê die hof dat 'n lewensversekeringskontrak tot stand kom wanneer 'n persoon[192] aansoek doen vir die tersaaklike versekering en sy aansoek deur die versekeringsmaatskappy aanvaar word. Die persoon by wie se dood die opbrengs van die polis uitbetaal staan as die versekerde lewe bekend. Die persoon wat geregtig is om die voordele ingevolge die polis af te dwing (indien daar nie 'n begunstigde benoem is nie), is die eienaar[193] van die polis.[194] Die hof dui verder daarop dat die polishouer of poliseienaar, die versekerde lewe en die begunstigde dieselfde persoon kan wees of verskeie persone. Die aansoek om versekering kan gedoen word tot eie voordeel van die poliseienaar óf tot die voordeel van 'n ander. In laasgenoemde geval karakteriseer die hof dié soort versekeringskontrak as 'n kontrak ten behoewe van 'n derde. Sodra die derde die voordele aanvaar het gegee het, **word die derde die eienaar** van die kontrak. Verder wys die hof ook daarop dat die eienaar van die lewenspolis gewoonlik geregtig is om 'n begunstigde op die polis te benoem op voorwaarde dat die **begunstigde gedurende die lewe van die eienaar, geen regte** ingevolge die polis verkry nie. Die regsaard van sodanige nominasie[195] is 'n *stipilatio alteri*.[196] Dit behels dus dat die polishouer[197] (die *stipulans*) met die versekeraar (die *promittens*) kontrakteer dat laasgenoemde die aanbod, soos ooreengekom, aan die derde (die begunstigde) maak met die bedoeling dat indien die derde die aanbod

---

192 Die aansoeker.

193 Ook bekend as die polishouer.

194 Indien dit 'n lewenspolis is wat begunstig is kry die begunstigde by die aanvaarding van die voordeel die reg om die voordele ingevolge die polis af te dwing. Hierdie aspek is reeds in par 2.4 hierbo bespreek. Indien daar nie uitdruklik 'n begunstigde benoem is nie sal die polis by die lewensgebeurtenis aan die eienaar of polishouer betaal.

195 Dus die benoeming van 'n begunstigde.

196 *Stipilatio alteri* is die Latynse term vir die kontrak ten behoewe van 'n derde.

197 Ook bekend as die eienaar.

aanvaar 'n kontrak tussen die **versekeraar** en die **derde**[198] tot stand kom. Die hof dui uitdruklik aan dat die oorspronklike kontrakterende partye die bedoeling moes hê dat indien en wanneer die begunstigde die voordele[199] aanvaar hy[200] die reg verkry om die voordele teen die versekeraar af te dwing. Hierdie standpunt is gegrond op die werk van Kahn[201] waar hy spesifiek aandag geskenk het aan klousules in versekeringskontrakte. Hieroor sê die hof konkluderend dat die begunstigde, deurdat hy die voordeel aanvaar, 'n party tot die kontrak geword het.[202]

Indien die begunstigde-benoeming nie gedurende die lewe van die versekerde vervang of herroep is nie, sal enige eis wat die begunstigde ten opsigte van die polisopbrengs mag hê, gebaseer wees op die kontrak tussen die oorledene en die versekeringsmaatskappy. Die hof gee te kenne dat die begunstigde geregtig is om die versekeringsmaatskappy, en slégs die versekeringsmaatskappy, aan te spreek vir die opbrengs ingevolge die polis. Die standpunt word ingeneem dat artikel 63 nie die betaling van die opbrengs van die polis reguleer nie aangesien die begunstigde-benoeming meebring dat die opbrengs aan die begunstigde betaal word en nie aan die boedel van die oorledene nie.

Volgens die hof verwys artikel 63 na bystand-, lewens-, ongeskiktheid- en gesondheidspolisse. Die beskerming wat deur artikel 63 verleen word, geld vir die polisvoordele wat aan 'n persoon verskaf of verskaf staan te word ingevolge die genoemde polisse of die bates wat uitsluitlik met die polisvoordele verkry is.[203] Die beskerming is beperk tot 'n totale bedrag van R50 000 of 'n ander bedrag soos deur die Minister voorgeskryf.

---

198 Dus die begunstigde.

199 In hierdie opsig word verwys na die voordele ingevolge die lewenspolis.

200 Die begunstigde.

201 Kahn 1952 *SALJ* 56.

202 In hierdie opsig verwys die hof na die beslissing in *Total South Africa (Pty) Ltd v Bekker NO* 1992 1 SA 617 (A).

203 Die beskerming geld vir 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum waarop die polisvoordele verskaf is.

Normaalweg sal die opbrengs van 'n versekeringspolis direk aan die genomineerde begunstigde uitbetaal. Volgens die hof bring artikel 63 nie mee dat die kurator van die bestorwe gesekwestreerde boedel enige reg op die ter sake polisvoordele by die dood van die polishouer verkry nie. Die hof gee ook te kenne dat artikel 63 nie inhou dat die begunstigde ontneem word van die opbrengs van 'n versekeringkontrak en sodanige opbrengs toegedeel word aan die gesekwestreerde bestorwe boedel van die oorledene nie. Artikel 63 bewerkstellig ook nie dat die kurator 'n krediteur van die genomineerde begunstigde word nie. Die hof stel hom onomwonde op die standpunt dat die kurator in die voorafgaande sake, nie ingevolge artikel 63 enige belang in of tot die opbrengs van die polis verkry nie. Op sterkte van bostaande bespreking stel die hof dat daar foutiewelik in voorafgaande sake op artikel 63 gesteun is.

Wat betref die *Shrosbree*-saak dui die hof benewens bogenoemde aan dat die betrokke polisse op dag van dood van die oorledene nie vir 'n termyn van drie jaar of langer van krag was nie.

In sake die *Shrosbree*-saak beslis die hof dat die appèl met koste gehandhaaf word. Die bevel van die hof a quo gevolglik tersyde gestel. Die hof verklaar verder dat die tweede respondent, in haar hoedanigheid as die kurator van die gesekwestreerde boedel op die opbrengs van die lewenspolisse geregtig is. In die laaste plek word die respondent beveel om die koste van die teenaansoek te dra.

In sake die *Love*-saak word die appèl met koste afgewys.

*4.3.2 Gevolgtrekking*

Eerstens word daar saam gestem met die hof se verduideliking van hoe 'n versekeringskontrak tot stand kom. Die partye wat volgens die hof in die algemeen betrokke is by 'n versekeringskontrak is myns insiens ook korrek.

Die hof stel verder dat 'n begunstigde-benoeming meebring dat die derde 'n reg verkry om die betrokke voordele teen die versekeringsmaatskappy af te dwing. Hierdie reg het sy oorsprong in die oorspronklike kontrak tussen die poliseienaar en die versekeringsmaatskappy, die begunstigde-benoeming en laastens die aanvaarding deur die begunstigde. Die siening van die hof in hierdie verband word ondersteun.

Wat betref artikel 63 word beslis dat 'n eksekuteur of kurator van 'n gesekwestreerde bestorwe boedel nie in terme van artikel 63 kan aanspraak maak op die opbrengs van 'n lewenspolis op die lewe van die oorledene, indien die polis aan 'n gade (of 'n derde) begunstig is nie. Ter verdediging van hierdie standpunt dui die hof aan dat indien die polis as sodanig begunstig is, die bestorwe boedel nie die "persoon" is aan wie die voordeel verskaf word of verskaf staan te word nie, en dat die voordeel wel aan die begunstigde verskaf word of verskaf staan te word. Die hof het hom inderdaad goed van sy taak gekwyt wat betref die uitleg van artikel 63. Die feit dat die hof tydens die uitleg van artikel 63 veral klem geplaas het op die frase " persoon aan wie die voordeel verskaf word of verskaf staan te geword het" het myns insiens in 'n groot mate bygedra tot die korrekte interpretasie van artikel 63. Die interpretasie soos deur die appèlhof uiteengesit word derhalwe ook geondersteun.

## 5 Gevolgtrekking

'n Lewenspolis is dus 'n kontrak wat 'n persoon met 'n versekeringsmaatskappy sluit ingevolge waarvan die persoon onderneem om 'n vasgestelde premie te betaal in ruil daarvoor dat die versekeringsmaatskappy sekere polisvoordele by 'n ooreengekome lewensgebeurtenis uitbetaal. Na aanleiding van bostaande besprekings is dit duidelik dat 'n lewenspolis inderdaad as 'n bate in 'n persoon se boedel geklassifiseer word.

In die algemeen bestaan die boedel van 'n insolvente uit alle bates van die persoon soos op datum van sekwestrasie. In dieselfde asem bepaal artikel 63 ten opsigte van bestorwe gesekwestreerde boedels dat R50 000 van die polisopbrengs van 'n lewenspolis of die bates aldus verkry, beskerming sal geniet teen die skuldeisers van die insolvent. Op grond van die voorafgaande besprekings is dit egter duidelik dat daar aan 'n aantal vereistes voldoen moes wees alvorens artikel 63 aanwending sal vind. Na aanleiding van hierdie studie word daar tot die gevolgtrekking gekom dat artikel 63 eerstens toepassing sal vind indien die persoon aan wie die polisvoordeel verskaf word of verskaf staan te word *ook* die versekerde ingevolge die polis was. In die geval van lewenspolisse sal die polisvoordeel in hierdie geval uiteraard aan die bestorwe boedel van die versekerde betaal:

> ... **daardie persoon** of die gade van daardie persoon **die versekerde lewe is** ...

Op grond hiervan is dit duidelik dat indien persoon X 'n lewenspolis op sy eie lewe uitgeneem het, geen begunstigde ingevolge die polis benoem het nie en **sy boedel** word by sy dood gesekwestreer, sal R50 000 van die opbrengs van die polis, beskerming geniet teen die skuldeisers van **sy boedel**. Dit is egter onderhewig aan vereiste dat die polis reeds vir 'n termyn van drie jaar van krag moes wees.

Tweedens is bepaal dat artikel 63 toepassing sal vind in die geval waar die persoon aan wie die voordeel verskaf word of verskaf staan te word die voordeel ontvang kragtens 'n lewenspolis waarvan **daardie persoon** se **gade die versekerde lewe** is:

> ... daardie persoon **of die gade van daardie persoon die versekerde lewe** ...

Indien persoon X 'n lewenspolis op sy eie lewe uitgeneem het, die polis aan sy gade persoon Y begunstig het en die boedel van persoon Y (dus sy gade) word gesekwestreer, sal R50 000 van die opbrengs van die polis,

beskerming geniet teen die skuldeisers van persoon Y. In hierdie geval moes die polis ook reeds vir 'n termyn van ten minste drie jaar van krag gewees het. In hierdie opsig is dit my submissie dat die kern van artikel 63 inhou dat indien die begunstigde van 'n lewenspolis, die versekerde self of sy gade is, artikel 63 toepassing sal vind. Alhoewel die polisvoordele ook aan die versekerde self kan betaal (en in die geval van lewenspolisse aan sy bestorwe boedel) is dit my mening dat dit nie die versekerde is wat ingevolge artikel 63 beskerming geniet nie maar wel die persoon aan wie die voordele verskaf word of verskaf staan te word. Genoemde beskerming is ook van toepassing op bates wat uitsluitlik met die polisvoordele verkry is vir 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum waarop die polisvoordele verskaf is. Hierdie beskerming geld net tot en met 'n bedrag van R50 000.

In die geval van lewenspolisse is dit egter ook moontlik dat die opbrengs van die polis by die aanbreek van die lewensgebeurtenis aan iemand anders as die versekerde self of die gade van die versekerde kan uitbetaal. Dit kan bewerkstellig word deurdat die eienaar of polishouer 'n derde as begunstigde ingevolge die polis benoem. Dit staan bekend as 'n begunstigde-benoeming en word in die ons reg as 'n kontrak ten behoewe van 'n derde erken. Die benoeming van 'n derde as begunstigde ingevolge die polis het die gevolg dat die opbrengs nie meer aan die versekerde self (of sy bestorwe boedel) of aan die gade van die versekerde betaal nie.

Die vraag wat in hierdie navorsing geanaliseer was, was wat met sodanige polisvoordele sal gebeur indien die versekerde 'n derde as begunstigde benoem het en die versekerde se boedel word by sy dood gesekwestreer? Dus, wat gebeur met die opbrengs van die polis indien die gesekwestreerde boedel nie die boedel is van die persoon aan wie die voordeel verskaf of verskaf staan te word nie? Dit is my mening dat indien 'n persoon 'n derde as begunstigde ingevolge 'n polis benoem en die versekerde se boedel word by sy dood gesekwestreer, sal die skuldeisers van die gesekwestreerde bestorwe boedel hoegenaamd geen aanspraak op die

opbrengs van die polis hê nie. Die polis sal steeds deel van die versekerde se belasbare boedel vorm maar vanweë die begunstigde-benoeming, nie deel van sy beredderbare boedel nie. Daar word dus met hierdie navorsing bevind dat artikel 63 slegs geld ten opsigte van die gesekwestreerde boedel van die persoon aan wie die voordeel verskaf of verskaf staan te word indien die voordele aan die versekerde self of aan die gade van die versekerde betaal. Hierdie standpunt is gegrond op die bewoording en formulering van artikel 63, die beslissing van die appèlhof en die onderskeid wat getref word tussen 'n persoon se beredderbare en sy belasbare boedel. Dit is myns insiens 'n leemte in reg wat deur boedelbeplanners benut kan word om sodoende te verseker dat skuldeisers van die versekerde nie hul hande kan lê op die opbrengs van die polis indien die versekerde se boedel by sy dood gesekwestreer word nie.

Op sterkte van die basiese beginsels van die insolvensiereg en veral die beginsel dat 'n persoon nie tot nadeel van sy krediteure mag handel nie, word daar ter afsluiting opgemerk dat dit nie verbasend sal wees indien die uitleg en betekenis van artikel 63 hom egter weer voor die hof bevind nie.

# 6. Bibliografie

## *6.1 Artikels*


**A**

Anon 2004 *Jutas insurance law bulletin*

Anon " Love and Another v Sanlam Life Insurance" 2004 *Jutas insurance law bulletin* 33-40

**E**

Evans en Boriane 2005 *De Jure*

Evans R en Boriane A "Considerations regarding a policy for the treatment of centain beneficiaries of life insurance policies in the law of insolvency" 2005 *De Jure* 266-294

**H**

Henckert 1995 *THRHR*

Henckert H "Die begunstigdeklousule in die versekeringsreg: regsoorwegings en –gevolge" 1995 *Tydskrif vir Romeinse Hedendaagse Romeins-Hollanse Reg* 177-193

**K**

Kahn 1952 *SALJ*

Kahn E "Extension Clauses in Insurance Contracts" 1952 *South African Law Journal* 53-56

**R**

Roothman 1993 *TSAR*

Roothman A "Die effek van artikel 44 van die Versekeringswet op insolvente bestorwe boedels" 1993 *Tydskrif vir die Suid Afrikaanse reg* 487-492

**S**

Smith 2000 *SAMLJ*

Smith A "The Protection of Insurance Policies from Insolvency under section 63 of the Long-term Insurance Act 52 of 1998" 2000 *South African Mercantile Law Journal* 94-118

### *6.2 Begroting*

Nasionale Begroting vir die finansiële jaar 2006-2007 soos afgekondig deur die Minister van Finansies

Nasionale Begroting vir die finansiële jaar 2006-2007 soos afgekondig op 15 Februarie 2006 deur Trevor Manual in sy hoedanigheid as Minister van Finansies van Suid Afrika

### *6.3 Boeke*

**A**

Abrie ea *Bestorwe Boedels*

Abrie W ea *Bestorwe Boedels* 5e uitg (ProPlus Pretoria 2003)

Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële beplanning*

Abrie W, Graham CR en van der Linde A *Boedel- en Finansiële beplanning* 5e uitg (ProPlus Pretoria 2003)

**B**

Botha et al *Financial Planning*

Botha M et al The South African Financial Planning Handbook (Lexis Nexis Butterworths Durban 2006)

**D**

Davis *Gorden en Getz: Insurance*

Davis DM *Gorden en Getz: The South African Law of Insurance* 4e uitg (Juta Kaapstad1997)

De la Rey *Mars: Insolvency*

De la Rey E *Mars: The law of Insolvency in South Africa* 8e uitg (Juta Kaapstad 1988)

**G**

Graham, Abrie en Evans *Insolvente Boedels*

Graham CR, Abrie W en Evans RG *Insolvente Boedels* 5e uitg (ProPlus Pretoria 2001)

**H**

Huxham en Haupt *Inkomstebelasting*

Huxham K en Haupt P *Aantekeninge oor Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* 21ste uitg (HNH Publikasies Roggebaai 2002

**K**

King en Victor *Law and Estate Planning*

King R en Victor B *Law and Estate Planning easyguide* (LexisNexis Butterworths Durban 2004-2005)

**M**

Meskin *Insolvency*

Meskin PM *Insolvency Law and its operation in winding-up* (LexisNexis Butterworths 2004)

Miller *Corporate & Personal Financial Planning*

Miller RJ *Corporate & Personal Financial Planning* (LexisNexis Butterworths Durban 2005)

**O**

Olivier en Van den Berg *Boedelbeplanning*

Olivier P A en Van den Berg GPJ *Praktiese Boedelbeplanning* (Juta Kaapstad 1991)

**R**

Reinecke ea *Insurance Law*

Reinecke ea *General Principles of Insurance Law* (LexisNexis Butterworths Durban 2002)

**S**

Sharrock *Insolvensie*

Sharrock R et al *Insolvensiereg* (Juta Kaapstad 2000)

Arendse JA *Silke: Inkomstebelasting*

Arendse JA et al *Silke: Sui-Afrikaanse Inkomstebelasting* (LexisNexis Butterworths Durban 2004)

Smith *Insolvency*

Smith C *The Law of Insolvency* 3e uitg (Butterworths Durban 1988)

Swart ea *Beplanning en Bereddering van Boedels*

Swart JN ea *Beplanning en Bereddering van Boedels: 'n Inleiding* (Butterworths Durban 1985)

**W**

Wiechers en Vorster *Boedelbereddering*

Wiechers NJ en Vorster I *Boedelbereddering* 3e uitg (Butterworths Durban 1992)

### *6.5 Hofsake*

**B**

*Bank of Lisbon and South Africa Ltd v The Master* 1987 1 SA 276 (A)

*Barnett v Abe Swersky & Associates* 1986 4 SA 407 (K)

*Botes v Afrikaanse Lewensversekeringsmpy Mpk* 1967 3 SA 19 (W)

**C**

*Crookes NO v Watson* 1956 1 SA 277(A)

**D**

*De Villiers NO v Delta Cables (Pty) Ltd* 1 SA 9 (A)

**E**

*Ex Parte Macintosh NO: In re Estate Barton* 1963 3 SA 51 (N)

**H**

*Harksen v Lane NO and Others* 1998 1 SA 300 (KH )

**J**

*Janit v Van der Heever and Another NNO* 2001 1 SA 731 (W)

*Jankelow v Binder, Gering & Co* 1927 TPD 364 370

*Joel Melamed & Hurwitz v Cleverland Estate (Pty) Ltd; Joel Melamed and*

**L**

*Love and Another v Santam Life Insurance Ltd and Another* 2004 3 SA 445 (SE)

**M**

*Moonsamy & Another v Nedcor Bank Ltd* 2004 3 SA 513 (D & K)

*Mutual Life Insurance Co of New York v Hotz* 1911 AD 556

**N**

*Nine Hundred Umgeni Road (Pty) Ltd v Bali* 1986 1 SA 1 (A)

**S**

*Sackstein en 'n Ander NNO v Smith en 'n Ander* 1995 4 SA 1029 (O)

*Shrosbree and Others NNO v Van Rooyen NO and Others* 2004 1 SA 226 (SOK)

*Souter NO v Said NO* 1957 3 SA 457 (W)

**T**

*Total South Africa (Pty) Ltd v Bekker NO* 1992 1 SA 617 (A).

**W**

*Warricker and Another NNO v Liberty Associations of Africa Ltd* 2003 6 SA 273 (W)

*Wasserman v Sackstein NO* 1980 2 SA 536 (O)

*Wessels NO v De Jager en 'n Ander NNO* 2000 4 SA 924 (HHA)

### *6.4 Wette*

*Insolvensiewet* 24 van 1936

*Versekeringswet* 27 van 1943

*Boedelbelastingwet* 45 van 1955

*Wet op Pensioenfondse* 24 van 1956

*Wet op Beroepsbeserings en Siektes* 130 van 1993

*Korttermynversekeringswet* 53 van 1998

*Langtermynversekeringswet* 52 van 1998